

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 20, No. 2

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2020 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Waarom so min vreugde?

“Daar is 'n oorsaak vir elke gevolg”, is 'n eenvoudige bewering, maar hoeveel mense dink regtig daaraan of verstaan dit enigsins? Hoeveel mense beseft dat die persoonlike toepassing van sulke praktiese wysheid hulle lewens kan verander?

Ek was ongeveer 20 jaar oud toe hierdie idee aan my bekendgestel is. Hoe diepsinnig!

Hoe eenvoudig! Tog word universiteitstudente van vandag eerder die aanname van verontregting geleer: 'n Mens is nie suksesvol nie, u is nie gelukkig nie en u kan ook nie wees nie, want u word onderdruk deur Jode, Christene, konserwatiewes, “wit Europese mans”, mans in die algemeen of enige ander waarneembare bevoorregte groep.

Die begrip dat daar 'n oorsaak vir elke gevolg is, strek egter verder as die “slagoffer”-mentaliteit. Op alle lewensterreine leef mense betekenislose lewens. Baie mense voel dat hulle lewens nie waarde het nie. Hulle verhoudings werk nie. Hulle is depressief, ongelukkig en voel onvervuld. Hulle weet egter nie waarom nie. Beskryf dit enigsins hoe u voel? Ek hoop nie so nie, maar ek weet dat baie mense “ja” sal sê. Baie van hierdie individue lyk op die oog af of hulle suksesvol is. Hulle bankrekenings is sterk. Ja, hulle het pret en baie om oor te lag. Wanneer die gelag egter verby is en die plesier eindig, is daar 'n gevoel van leegheid. Mense glo dat

hulle alles gedoen het wat ander mense gesê het hulle gelukkig sal maak en tog is hulle nie gelukkig nie. Dalk is dit tyd om daardie soort advies te bevestig.

Die meeste mense dink dat indien hulle meer geld gehad het, sou hulle gelukkiger gewees het. Met betrekking tot hierdie onderwerp kan die dramatiese toename in Chinese welvaart ons iets leer. Let op hierdie berig uit Kanada se *Maclean's*-tydskrif:

Dit is meer as 30 jaar sedert die Chinese leier, Deng Xiaoping, die land oopgestel het en die Kommunistiese party die slagspreuk van “dit is wonderlik om ryk te word” gretig aangeneem het. Sedertdien is honderde miljoene mense uit armoede opgehef ... Die Chinese is vandag vier keer ryker as 20 jaar gelede en mense ... het geleentheid en fisiese geriewe wat 'n generasie gelede ongehoord sou wees. Ondanks China se ekonomiese wonderwerk, dui onlangse studies daarop dat die Chinese nie gelukkiger is as in die vroeë 1990's nie ...

In plaas daarvan om geluk te laat toeneem, het welvaart die teenoorgestelde uitwerking gehad volgens dieselfde artikel het: “Die Chinese mense

se lewensvreugde het eintlik tussen 1990 en die middel van die 2000's afgeneem – 'n periode toe die bruto binne-landse produk en die gemiddelde verbruik viervoudig toegeneem het” (“*Why are the Chinese so sad?*”, *Maclean's*, 4 Februarie 2013).

Wat is die geheim van geluk en sukses? Sommige mense wend hulle tot alkohol of dwelmmiddels vir die antwoord, maar diegene wat hierdie uitweg kies, vind dat dit op die ou einde nie bevredig nie. Dus, wat is die weg na 'n beter lewe?

'n Bekende koning het eenkeer wyse spreuke opgeteken om sy seun te leer hoe om te leef. Een van daardie spreuke sê vir ons: “Soos die voëltjie wegfladder, soos die swaweltjie wegvlieg, so is 'n vervloeking sonder oorsaak: dit kom nie uit nie” (Spreuke 26:2). Met ander woorde, daar is 'n oorsaak vir elke gevolg. Daar is 'n rede vir geluk, net soos wat daar 'n rede vir depressie, 'n gevoel van leegheid en eensaamheid is. Sommige oorsake van depressie kan geneties of klinies wees, maar dit verklaar nie waarom so baie mense die lewe onbevredigend vind nie. Daar is 'n rede vir sukses en om ander mense te blameer vir 'n mens se persoonlike mislukking dra nie daartoe by om die probleem op te los nie. Dit laat die probleem in werklikheid voortduur.

Spreek die werklike oorsaak aan

Die antwoord is nog die hele tyd

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Waarom so min vreugde?

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Op die rand

van Armageddon

3

Die meeste mense het geen idee hoe naby die wêreld aan kernverwoesting gekom het tydens die Koue Oorlog nie. Die bekendmaking van hoogsgeheime dokumente openbaar die skrikwekkende waarheid!.

Sewe stappe na 'n vreugdevolle lewe

9

Dit blyk deesdae dat vreugde hopeloos buite bereik is. Daar is egter ware, konkrete stappe wat u kan neem om 'n verskil te maak.

Pret en vervulling

15

God leef!

16

Alhoewel baie mense voortdurend beweer dat die wetenskap weggedoen het met God, kan hulle nie verder van die waarheid af wees nie. Bewyse openbaar dat Hy bestaan en u graag wil leer ken!

Die verklaring van Arbroath en Brexit

21

Gereeld

Vrae en Antwoorde

23

Die werke van Sy hande

24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streeksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Peter Nathan (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

Box 111, Berkeley Square

London, W1J 5FJ

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 086 607 7398

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Op die rand van die Armageddon

Deur Gerald E. Weston

Dokumente wat gedurende die Koue Oorlog opgestel is en wat dekades lank geheim gehou is, openbaar hoe ontstellend naby ons planeet aan 'n kern-Armageddon gekom het! Namate die wêreld al hoe groter risiko's neem wat betref wapens met ondenkbare verwoestingsvermoë, openbaar Bybelprofesie die ware toekoms wat vir ons almal voorlê.

Die Kubaanse missielkrisis van 1962 het die wêreld amper tot by die ondenkbare gebring: 'n kernoorlog tussen die Verenigde State en die Sowjet-Unie – by wyse van spreke, “Armageddon”. Alhoewel daar verstaan is dat dit *so hittete* was gedurende die 13 gespanne dae in Oktober, sou baie mense eers dekades later hoor *hoe* naby dit was en die meeste mense dra nog steeds nie kennis daarvan nie. Oktober 1962 is immers amper 60 jaar gelede. Vir jonger geslagte is dit antieke geskiedenis en besonderhede het vir diegene van ons vervaag wat in daardie tyd geleef het. Selfs *ons* het nie die hele verhaal geken nie.

Ons kan ook byvoeg dat openbare skole in die Weste, die bestudering van geskiedenis in die afgelope dekades afgeskaal het en dit vervang het met “*sosiale studies*”. Hierdie subtiele verandering het onskadelik genoeg gelyk toe ek in die laat 1950's en vroeë 1960's op skool was, maar dit het aangehou om te ontwikkel. Dit was 'n slim oëverblindery. Woorde het betekenis en *sosiale studies* is nie dieselfde as *geskiedenis* nie!

Leerders in die laerskool, hoërskool en universiteit-studente word gepeper met propaganda wat “manlike voorregte” behels (veral wit manlike voorregte), vroueregte, LGBTQ+ en hulle regte, die regte van onwettige immigrante, sosialisme en enige ander regte wat maatskaplike manipuleerders kan uitdink om lankgekoesterde morele sedes en waardes te vernietig.

Hoe kan ons verhoed dat ons die foute van die verlede herhaal as ons nie die lesse uit die verlede oordra nie? Hoe kan ons jonger geslagte blameer vir 'n gebrek aan begrip van gebeure waarvan hulle nooit geleer het nie – en wat hulle nie in konteks kan plaas nie. Indien hulle *wel* iets oor die Kubaanse missielkrisis geleer word, *sal* hulle *moontlik* besef dat die Sowjet-Unie en Kuba die slagoffers van die Amerikaanse imperialisme was! Natuurlik is nie alle skole dieselfde nie en nie alle studente is in die duister nie. Baie jong mense studeer op hulle eie en is goed ingelig. Sommige skole bied uitstekende kursusse in antieke asook

moderne geskiedenis aan. Ongelukkig is dit egter ver van die norm.

Twee weke in Oktober

In die jare na die Tweede Wêreldoorlog het nuusflitse dikwels hoofprente in Amerikaanse teaters voorafgegaan. Ek onthou nog hoe hierdie nuusflitse Fidel Castro en sy Kubaanse rewolusionêres dikwels geprys het totdat Castro – tot die ontsteltenis van die V.S.-regering – sy trou aan kommunisme en die Sowjet-Unie verklaar het. 'n Angstige V.S.-regering, het uit vrees vir 'n potensiële vyand, net 90 myl [144 km] daarvan-daan, ondersteuning gemagtig vir die berugte *Bay of Pigs*-inval in 1961, in Kuba, wat rampspoedig geëindig het. Die probleem was nogtans 'n werklikheid – soos dit al te duidelik geword het toe die Sowjet-leier Nikita Khrushchev tussen Julie en Oktober 1962 in die geheim meer as 41,000 troepe na Kuba verskuif het.

Selfs nog meer kommerwekkend vir V.S.-amptenare was die ontdekking dat Khrushchev kernmissiele in Kuba begin

ontplooï het, waarvan sommige mediumafstand-missiele was, wat New York en Chicago kon bereik en ander intermediêre-missiele, wat die laer 48 state en selfs Kanada sou kon bereik. Khrushchev het nou een stap te ver gegaan vir die Verenigde State en dit was 'n direkte uitdaging vir die jong leier, president John F. Kennedy. Kennedy het met top militêre offisiere en raadgevers beraadslaag en gekies – soos wat die geskiedenis toon, 'n wyse reaksie was – om Kuba onder *kwarantyn* te plaas. Diplomate het daardie term gekies om die woord *blokkade* te vermy, wat op 'n oorlogsverklaring sou neerkom.

Die meeste hiervan was aan almal wat destyds aandag daaraan geskenk het bekend, maar daar was veel meer *onder die oppervlak* aan die gang, wat eers dekades later bekend sou word, ná die vrystelling van voorheen hoogsgeheime dokumente.

Onderwater en alleen

Hier is iets wat die meeste mense nog steeds nie weet nie: Die Sowjet-Unie het vier duikbote na Kuba gestuur en die V.S.-vlootvaartuie het op 27 Oktober 1962 die duikboot B-59 onderskep en lae plofkrag-bom daarop losgelaat (soos wat vir vlootopleiding gebruik word en nie kragtiger as 'n handgranaat is nie). Dit was bedoel om as 'n waarskuwing te dien en die duikboot na die oppervlak te lok en nie om dit te vernietig nie. Wat die V.S. destyds nie geweet het

nie, was dat die duikboot B-59 'n torpedo gedra het met 'n kernplofkop wat ongeveer tweederdes van die plofkrag van die atoombom bevat het wat op Hiroshima gebruik was en wat genoeg was om 'n groot deel van die V.S.-vloot in die omgewing te vernietig.

Die manne op die duikboot was egter al 'n paar dae onderwater sonder om in verbinding met Moskou te wees en hulle het nie geweet dat die dieptelading-ontploffings rondom hulle slegs as waarskuwing bedoel was nie. Die temperatuur aan boord van die diesel-aangedrewe duikboot was ongeveer 100 grade en as gevolg van die opbou van koolstofdiksied kon die bemanning nie helder dink nie. Offisiere aan boord van B-59 het gewonder of oorlog tussen die supermoondhede alreeds begin het, want die missielkrisis het dit immers 'n werklike moontlikheid gemaak. Wat daarna gebeur het was angswekkend – as mens dit agterna beskou.

Vadim Orlov, 'n intelligensiebeampte aan boord van die duikboot, onthou hoe die Amerikaanse skepe “wat ons omring het en die sirkel begin nouer trek het, tot die aanval oorgegaan en diepteladings laat val het. Dit het reg langs die romp van die skip ontplof. Dit het gevoel of 'n mens in 'n metaalvat is, wat iemand aanmekaar met 'n tien-pond-hamer slaan” ... Orlov onthou dat kaptein Valentin

Savitsky geskree het: “Ons gaan hulle nou in die lug blaas! Ons sal sterf, maar ons sal hulle almal laat sink – ons sal ons vloot nie in die skande steek nie!” Die politieke offisier, Ivan Semonovich Maslennikov het ingestem dat hulle die torpedo afvuur (“*Nuclear Close Calls: The Cuban Missile Crisis*,” *Atomic Heritage.org*, 15 Junie, 2018).

Indien hulle dit afgevuur het, sou u en ek dalk nie hier gewees het om dit te lees nie. Die nadraai daarvan sou ons almal geraak het en ons wêreld sou grootliks verskil het van wat dit vandag is. Wat oor die algemeen onbekend is en wat dekades later eers aan die lig gekom het, was dat Amerika reeds vooraf besluit het hoe hulle op so 'n aanval sou reageer.

“n Smeulende, radioaktiewe ruïne”

President Kennedy se voorganger, Dwight Eisenhower, het oorlog alte goed verstaan en het tydens sy presidentskap probeer om te hou by sy standpunt om die toename van kernwapens in toom te hou. Die V.S.-kernarsenaal het nogtans geweldig gegroei tydens Eisenhower se agt jaar as die leier van die vrye wêreld. Die Amerikaanse publiek is doelbewus in die duister gehou oor hulle oorweldigende voorsprong wat kernwapens betref en die vermoë om dit te vuur. “Volgens die fisikus Pavel Podvig kon Sowjet-bomwerpers

destyds 'ongeveer 270 kernwapens op die V.S.-gebied afvuur'. Daarenteen het die Verenigde State duisende plofkoppe gehad wat hulle kon vuur vanaf 1,576 *Strategic Air Command*-bomwerpers sowel as 183 Atlas en Titan interkontinentale ballistiese missiele (ICBMs), 144 Polaris-missiele via nege kern-duikbote en tien nuutgeboude *Minuteman* ICBMs" (*AtomicHeritage.org*). Elkeen van die Atlas-, Titan-, Polaris- en Minuteman-missiele was toegerus met kerntoestelle wat elkeen onafhanklike teikens kon aanval.

Eisenhower het geglo dat daar nooit 'n beperkte kernstryd sou wees nie – sodra een bom sou afgaan, sou dit vinnig eskaleer. Daarom het Eisenhower sy generaal opdrag gegee om 'n "*Single Integrated Operational Plan*" (SIOP) saam te stel. Dit sou op die lange duur die opdrag van die lugmag se Strategiese lugkommando weerspieël, soos dit onder leiding van generaal Curtis LeMay en sy opvolger, generaal Thomas Powell, tot stand gebring is. Die joernalis Evan Thomas berig dat generaal Curtis LeMay, wat toesig gehou het oor die vernietiging van die Japanese stede tydens die Tweede Wêreldoorlog, deur middel van massiewe vuurbomme, "een oorlogsplan gehad het, soos wat 'n vlootbeampte dit in 1954 beskryf het: Om die Sowjet-Unie binne twee ure as 'n smeulende radioaktiewe ruïne agter te laat" (*Ike's Bluff*, bl. 397).

Hoeveel Amerikaners en

ander inwoners van ons planeet het iets geweet van die reaksie wat 'n Sowjet-kernaanval, ongeag hoe beperk ookal, van die Verenigde State sou ontlok het? Thomas verduidelik dat SIOP 'n oorweldigende vergeldingsplan verteenwoordig het, wat ontwerp was om die "Sowjet-Unie, Rooi China en die Sowjet-satellietstate [Oos-Europa] in 'n enkele rampspoedige slag te vernietig, indien die Verenigde State aangeval sou word".

Onder die SIOP sou die Verenigde State alles in die stryd werp deur sy hele strategiese arsenaal van 3,500 wapens af te vuur. Die plan was 'n daad van "oormatige militêre mag", het [George] Kistiakowsky gesê. Die wetenskaplike adviseur het gesê, dit is "die vier of vyf keer doodmaak van iemand wat reeds dood is". Nadat hy van sy middagslapie teruggekeer het vir die inligtingsessie, het Eisenhower vir sy vlootadjutant, Kaptein Pete Aurand, gesê dat die SIOP "my so bang maak soos die duivel vir 'n slypsteen" (Thomas, bl. 394).

Die nuutverkose president Kennedy is in Desember 1960 aangaande SIOP ingelig, maar hy het dit waarskynlik nie onmiddellik begryp nie. 'n Rukkie later, na nog 'n SIOP inligtingsessie, het die jong verkose president aan sy minister van Buitelandse Sake, Dean Rusk,

met gemengde gevoelens van verwondering en weersin opgemerk: "En hulle noem ons mense". Tog het nie Kennedy of die president wat hom gedurende die volgende 40 jaar opgevolg het, die SIOP kleiner gemaak nie. In werklikheid het dit meer ingewikkeld en ongelooflik openbarend geword (Thomas, bl. 399).

'n Hoogsgeheime verslag wat in 2011 aan die lig gekom het, het bekendgemaak hoe SIOP in 1962 daar uitgesien het. Diegene wat deur so 'n massiewe reaksie sou sterf, was geraam op meer as 200 miljoen mense in die USSR en China, met 'n verdere vier miljoen mense in Pole en ander Oos-Europese lande wat onder die heerskappy van die USSR was ("*U.S. War Plans Would Kill an Estimated 108 Million Soviets, 104 Million Chinese, and 2,6 Million Poles: More Evidence on SIOP-62 and the Origins of Overkill*," *Unredacted.com*, 8 November 2011).

In die nadraai sou radioaktiwiteit ongetwyfeld miljoene lewens ge-eis het, wat waarskynlik die rede is waarom een verslag die moontlike sterfgevälle op so hoog as 600,000,000 sterftes geskat het. Dit sluit *nie* miljoene ongevalle in die vrye wêreld in nie. Hoewel die USSR se reaksie op SIOP miskien minder oorweldigend sou gewees het, is enigiemand naïef wat dink dat die Sowjetplan meer beskaafd was. Indien die mensdom in hierdie terme kan *dink*, is die *uitvoering* van so 'n massavernietiging nie buite die

kwessie nie.

Hierdie ongevalle-syfers is selfs meer skokkend indien in ag geneem word dat die wêreld-bevolking in die vroeë 1960's net meer as 3 miljard mense was, wat aansienlik minder as die 7,8 miljard mense is wat in 2019 geleef het. Wanneer ons die moontlike verliese aan albei kante en onder al hulle bondgenote in ag neem, met inbegrip van die moontlike sterfgevälle as gevolg van bestralingsvergiftiging, sou dit nie onredelik wees om te glo dat sodanige kernstryd sou gelei het tot die dood van 'n kwart tot eenderde van die mensdom in 1960 nie!

Een verlate stem

Wat het dus 'n kern-Armageddon in 1962 verhoed? Soos ons reeds gesien het, was die Sowjet-duikboot B-59 in die duister oor die toestand van die wêreld bo die golwe. V.S.-magte het probeer om die duikboot na die oppervlak te dwing, maar die Sowjet-kaptein Savitsky en die politieke offisier Maslennikov, wat gedink het hulle word aangeval en dat daar moontlik reeds oorlog tussen die supermoondhede begin het, het ooreengekom om 'n torpedo met 'n kernploffkop te lanseer. Waarom het hulle dit nie gedoen nie? Wat het hulle gekeer?

Die Sowjet-Unie was net so bekommerd soos die Verenigde State oor 'n toevallige kernoorlog. Daarom het hulle protokol vereis dat drie offisiere in ooreenstemmig moes wees.

Die laaste oorblywende

offisier, tweede kaptein in bevel, Vasili Alexandrovich Arkhipov, het nie saamgestem nie. Hulle het nie verseker geweet of die skip aangeval word nie, het hy aangevoer. Waarom nie na die oppervlak gaan en dan opdragte van Moskou afgag nie? Uiteindelik het Arkhipov se mening geseëvier. Die B-59 het naby die Amerikaanse oorlogsskepe opgeduik en die duikboot het noordwaarts vertrek om sonder voorval na die Sowjet-Unie terug te keer (*AtomicHeritage.org*).

Dit is hoe naby ons aan Armageddon gekom het!

“Broken Arrows”

Ons leef in 'n baie gevaarliker wêreld as wat die meeste mense besef. Ander geheime dokumente wat in onlangse jare vrygestel is, gee aanvullende besonderhede van hoe naby die wêreld aan *ander rampe* gekom het. “Broken Arrow” is 'n militêre seinkode wat gebruik word vir 'n toevallige gebeurtenis wat 'n kernwapen of gedeeltes daarvan insluit. 'n Verslag van 6 April 2019 het aan die lig gebring dat die Verenigde State erken dat hy 32 Broken Arrow-voorvalle gehad het. Ses daarvan het wapens behels wat nooit gevind is nie of doelbewus ongehinderd gelaat is. U sal waarskynlik een of meer interessante gevalle vind, afhangende van waar u woon, aangesien hierdie voorvalle in Brits-Columbië, Quebec, Engeland, Spanje,

Noord- en Suid-Carolina, Kalifornië, Arkansas, Florida, Maryland, Louisiana en Indiana plaasgevind het, om maar net 'n paar op te noem. Dit is waarskynlik dat die totale aantal voorvalle van *Broken Arrow* veel groter is, want die Sowjet-Unie is baie meer geheimsinnig en dus is hulle eie foute nie algemeen bekend nie.

Twee Amerikaanse voorvalle is veral noemenswaardig. Een voorval wat plaasgevind het, was op 'n lugmagbasis in Engeland, 'n jaar voordat my gesin daarheen oorgeplaas is.

Op 27 Julie 1956 was 'n V.S. B-47-bomwerper besig met 'n opleidingsoefening toe dit op 'n kernwapenpakhuis by die Lakenheath-lugbasis by Suffolk, Engeland neergestort het. Die hele bemanning van die vliegtuig het gesterf. In die bergingsfasiliteit, wat as 'n “igloo” bekend staan, was drie *Mark 6* kernbomme, waarvan een se ploffkop in die ongeluk afgeskeur is. Onderzoekbeamptes het tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'n wonderwerk is dat die bom nie ontplof het nie (“Broken Arrows” – *The World's Lost Nuclear Weapons*,” *Interesting-Engineering.com*).

Dit was egter nie die enigste wonderwerk nie. Hier is nog 'n voorval waar “geluk” aan die V.S. se kant was:

Op 24 Januarie 1961 het 'n

B-52 bomwerper waarop twee, drie- of vier-megaton-kernbomme was, oor Goldsboro, Noord-Carolina gevlieg toe 'n strukturele breuk die regtervlerk erg beskadig het. Die vliegtuig het uitmekaar gebreek en die twee kernwapens is vrygelaat. Op een bom was drie van sy vier veiligheids-meganismes geaktiveer.

In 2013 het 'n versoek vir die vrystelling van inligting bevestig dat slegs 'n enkele skakelaar uit die vier, verhoed het dat die bom ontplof het. Een lid van die opruimingspan het onthou: "Tot my dood sal ek nooit vergeet hoe ek my sersant hoor sê het: 'Luitenant, ons het die veiligheidskakelaar gevind'. Ek het gesê: 'Wonderlik'. Hy het gesê: 'Nie wonderlik nie. Die wapen is gereed om te ontplof'" (*ibid.*).

Sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog het die mensdom met Armageddon gespeel. Wat kan gebeur indien een van die *Broken Arrows*-insidente – of wat dit ookal genoem word deur die Russe, Chinese, Noord-Koreane, Indiërs, Pakistaniërs of enige ander land of ongebonde lande wat kernwapens besit – per ongeluk naby of in vyandelike grondgebied ontplof? Wat kan gebeur as die een of ander staat op dwase wyse sou besluit dat om so 'n wapen teen 'n vyand af te vuur in sy beste belang is? Sal dit 'n kettingreaksie aan die gang

sit wat die mensdom in gevaar kan stel? Volgens die Bybel en spesifiëk volgens Jesus Christus is dit presies waarop ons wêreld afstuur as Hy nie sou ingryp nie (Matthéüs 24:21-22). Hy *sál* egter ingryp om die mensdom van selfvernietiging te red! Ons weet ook dat toekomstige oorloë met wapens geveg sal word wat tans nog nie aan die publiek bekend is nie. Alhoewel nuwe wapens dikwels jare lank geheim gehou word voordat die publiek daarvan bewus raak, kan daar in die toekoms selfs meer vernietigende wapens wees, wat só gevorderd is dat selfs wetenskaplikes in hoogs geheime laboratoriums dit nog nie gewaag het om selfs daaraan te dink nie. Wie weet wat die menslike verstand kan uitdink wanneer dit by grootskaalse doodmaak kom?

Openbaring beskryf 'n soort wapen wat nie sal doodmaak nie, maar vir 'n periode van vyf maande "pyniging" sal veroorsaak ... "soos die pyniging van 'n skerpioen wanneer hy 'n mens steek. En in dié dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; en hulle sal verlang om te sterwe, en die dood sal vir hulle wegvlug" (Openbaring 9:5-6).

Sal "Armageddon" kernwapens insluit? Moontlik, maar op 'n sekere punt kan die mensdom se hoë-tegnologiese wapens as nutteloos of onvoldoende beskou word. Hoe anders kan ons die noodsaak van 'n leër van "tweehonderd miljoen" soldate begryp (Openbaring 9:13-18)? Terwyl

God se Woord hierdie geprofeteerde leër met die dood van een derde van die aardse bevolking verbind, is hierdie nog steeds nie die Bybelse Armageddon wat in Openbaring 16:13-16 beskryf word nie. Wat ons in die Skrif sien, is dat daar in die nabye toekoms 'n allesgeoorloofde oorlog *sal plaasvind*.

My generasie en dié voor my het onder die skaduwee van 'n sampioenwolk geleef – sommige van ons méér as ander. As kinders van militêre gesinne wat op die *U.S. Strategic Command*-basisse grootgeword het, het ek en my vriende verstaan dat ons in die spervuur sou wees as daar oorlog sou uitbreek. Ons het ons persoonlike nagmerries gehad, maar dit selde met mekaar gedeel. Alhoewel ons nie kan ontken dat daar *verseker* moeilike dae voorlê nie, waarsku die Bybel ons almal dat die meeste van ons baie groter probleme as 'n kern-Armageddon het.

Vertroosting en vrede

Dit mag u dalk verbaas dat Bybelprofesie eintlik 'n **vertroosting** vir my en vir baie ander mense in daardie gevaarlike tye was. Tydens die Kubaanse missielkrisis het ek verstaan dat daar niks was waaroor ek my hoef te bekommer nie en – alhoewel ek toe nie geweet het van die Sowjet-duikboot B-59 nie – was ek tog reg. Ja, dit was 'n gespanne krisistyd, waartydens een fout die wêreld uitmekaar kon ruk. Die Bybel het egter vir

my gesê en vir ander mense wat geseënd was om te kon verstaan, dat dit nie God se tyd of plek vir so 'n ramp was nie. Daardie kennis het my gemoedsrus gegee. Ook vandag, ondanks enkele aaklige geprofeteerde gebeure op die horison, kan diegene wat met toewyding op God vertrou, vertroosting en gemoedsrus hê. Daar *is* 'n manier om aan Armageddon te ontkom. Nog belangriker, alhoewel ons almal uiteindelik sal sterf, *is* daar 'n ewige lewe na die dood beskikbaar gestel vir almal wat dit sal nastreef. Soos Jesus belooft het: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie" (Johannes 11:25-26). Nadat Hy hierdie woorde gespreek het, het Jesus 'n vraag gevra wat op ons almal van toepassing is: "Glo jy dit?"

U Bybel openbaar baie oor die eindtyd en ons by *Die Wêreld van Môre* bied baie gratis bronne aan wat u kan help om te

verstaan wat die Bybel openbaar. Ons sal draaie en kinkels teëkom namate die geskiedenis ontvou, maar ons **kan** die geheelbeeld werklik ken.

Die belangrikste is dat dit nodig is om te weet **waarom** ons in die eerste plek gebore is. Wat is God se plan vir ons. Die lewe is kosbaar en onseker. Ons mense is baie meer aanpasbaar as wat ons soms dink, maar baie broos wanneer die geheelbeeld in ag geneem word. Ons is tydelik en die lewe is kort. Daar *is* egter 'n God en Hy gee ons die geleentheid om vir ewig te leef. Hy beoordeel die besluite wat ons neem – of ons Hom met ons hele hart, verstand en wese liefhet en of ons die skare volg en die mens meer vrees as vir God. Dit slaan 'n mens dronk dat so min mense tyd afstaan om te bewys dat God 'n realiteit is, dat Hy 'n beloner van diegene is wat Hom ywerig soek en wat Sy doel vir ons is. Dit wil voorkom dat die meeste mense meer geïnteresseerd is in wat vanaand op televisie is en of "hulle span" hierdie naweek die wedstryd

gaan wen.

Indien u meer wil verstaan van wat vir die laaste dae voorspel is, skakel, skryf of besoek ons webtuiste om ons gratis boekies, *Armageddon en daarna*, *Die Dier van Openbaring* en *Openbaring: Die Verborgtheid Onthul*, te bestel. Alles wat ons aanbied, word natuurlik gratis gestuur.

Indien dit vir u belangrik is om die doel van die lewe te verstaan, is u ook welkom om ons hulpbron, *U uiteindelijke lotsbestemming*, aan te vra. Indien u meer betrokke wil raak en meer inligting wil hê oor die *Lewende Kerk van God* wat die onderskrywer van die *Wêreld van Môre* is, soos byvoorbeeld wat ons glo en hoe u by een van ons vele gemeentes regoor die wêreld betrokke kan raak – verwittig ons asseblief daarvan. Kontak die streekkantoor die naaste aan u, deur gebruik te maak van die inligting op bladsy 2 van hierdie tydskrif. Ons is hier om te dien! **WvM**

Armageddon en daarna

Die mensdom ontwikkel nuwe en meer vreesaanjaende tegnologie waarmee hulle hulleself kan vernietig, terwyl politieke en sosiale spanning wêreldwyd toeneem. Sal die jare in die nabye toekoms wêreldwye kernvernietiging bring, of sal dit 'n era van permanente vrede inlui?

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

Sewe stappe na 'n vreugdevolle lewe

Deur Wallace G. Smith

Die lewe van vandag kan ongelooflik stresvol wees. Beskerming, rus en gerusstelling blyk ons te ontwyk waar ons ookal soek. Ons almal smag na 'n gelukkige, tevrede gemoedstoestand, maar so baie van ons vind dat dit voortdurend buite ons bereik is. Is daar daadwerklike stappe wat ons kan neem om geluk te vind in 'n toenemend ongelukkige era?

Wanneer ons na die wêreld rondom ons kyk, is dit duidelik dat iets verkeerd is. Dink aan die Verenigde State. Indien die burgers van so 'n welvarende nasie nie gelukkig kan wees nie, wie kan dan wees? In baie opsigte word die V.S. deur die wêreld beny – finansiële welvarend met rykdom waarvan baie ander nasies net kan droom – selfs hul armstes is onder die meer gegoede mense op ons planeet. Wat veiligheid betref, word dit deur twee groot oseane beskerm, om nie eers daarvan te praat dat dit op militêre gebied die magtigste land in die wêreld is nie. Nege-en-negentig persent van die nasie is geletterd, voedsel is volop en werksgeleenthede is byna op 'n rekord hoogtepunt. Tog ondervind die V.S. tans 'n **selfmoord**-epidemie.

Die Amerikaanse Sielkundige Vereniging sê: “Die selfmoordsyfer het vanaf 1999 tot 2017 met 33% gestyg van

10,5 tot 14 selfmoorde per 100,000 mense ... Hierdie syfer het veral sedert 2006 skerp gestyg. Selfmoord is die vierde grootste oorsaak van dood van mense tussen 35 en 54 jaar en die tweede grootste oorsaak van dood van 10-jariges tot 34-jariges. Dit bly oor die algemeen die tiende grootste oorsaak van dood” (“*Worrying trends in U.S. suicide rates,*” *Monitor on Psychology*, Maart 2019).

'n Enkele politieke party of presidensiële administrasie kan nie geblameer word vir hierdie dekade-lange tendens nie. Dit kan nie aan enige enkele gebeurtenis of omstandigheid toegeskryf word nie. Dit dui op iets dieperliggend. Dit lyk asof jongmense die meeste geraak word. Soos die *U.S. News and World Report* berig: “Adolesente depressie is aan die toeneem. Die Nasionale Instituut van Geestesgesondheid berig dat ongeveer 3,2 miljoen 12-jariges tot 17-jariges in 2020 minstens een ernstige episode van depressie gehad het. Tieners wat depressief is, sukkel ook dikwels met angs en dwelmmisbruik en dit is waarom die vroeë opsporing van gemoedsversteuring moeilik kan wees”. 'n Studie wat in die *Journal of Abnormal Psychology* gepubliseer is merk op dat “oor die afgelope dekade die aantal jong mense met gemoeds-

versteurings, meer as verdubbel het”. (“*What's Driving the Rise in Teen Depression?*,” *U.S. News and World Report*, 22 April 2019).

Dit gaan nie oor die geld nie

Hoe kan 'n volk wat geseënd is met soveel oorvloed en vooruitsigte, gebuk gaan onder soveel depressie en hoopeloosheid? Hoe kan soveel gegoede en genoeglike mense nie vreugde vind nie? Dit is duidelik dat die V.S. 'n lewende bewys is dat vreugde nie gevind word in die versameling van 'n oorvloed fisiese dinge nie.

Dit is egter goeie nuus! Waarom? Omdat dit daarop dui dat vreugde veel eerder ons eie besluit is, dit wil sê baie meer binne ons eie beheer is as wat die meeste mense besef. Of ons ryk of arm, gesond of siek, jonk of oud, ekstrovert of introvert is, ons kan stappe neem om die tevredenheid, vrede en vreugde wat ons begeer, te bereik.

In die res van hierdie artikel bespreek ons sewe stappe wat ons kan neem om meer vreugde in die lewe te vind. Sommige daarvan lyk amper te maklik om waar te wees. Ander kan stappe wees wat u alreeds weet u behoort te neem, maar wat u steeds uitstel. Ander stappe sal u miskien verras en dit sal selfs aanvanklik moeilik lyk om te glo. Al die stappe behels egter

optrede waarmee ons *vandag* kan begin. Laat ons kyk na die volgende stappe wat ons kan neem om meer blywende vreugde in ons lewens te bring.

Stap een: Kry koers na die park

Dalk is u nie 'n "buitelug" mens nie. Ek is eerlikwaar nie een nie – ek geniet my lugversorging en my gemakstoel! Dit is egter 'n soort verjongingskuur om gereeld tyd af te staan om 'n deel van God se skepping te ervaar. **Bestee dus tyd daaraan om die natuur te geniet.**

Koning Dawid van Israel het die natuur dikwels met positiewe emosies geassosieer. Wanneer hy nagedink het oor die wyse waarop die Messias se komende regering die wêreld sal verander, is hy so ontroer dat hy digterlik gepeins het oor die reaksie van die natuur: "Laat die hemele bly wees en die aarde juig; laat die see en sy volheid bruis. Laat die veld juig en al wat daarin is; dan sal al die bome van die bos jubel voor die aangesig van die HERE" (Psalm 96:11-13).

In ons wêreld van staal en beton, kunsmatige lig, plastiese toerusting en gereedskap, asook konstante aandag-aflibare dinge, kan dit 'n uitdaging wees om van tyd tot tyd tot *stilstand* te kom en in die natuurlike omgewing in te gaan om in aanraking te kom met die natuur en die Skepper daarvan. Studies toon nogtans dat sulke pogings ons tyd werd is. Navorsers van die Universiteit van Harvard het die verband

tussen vreugde en die natuurlike omgewing erken: "Dit is nie duidelik presies waarom buitelug-uitstappies so 'n positiewe geestelike effek het nie. In 'n 2015-studie het navorsers gesonde mense se breinaktiwiteit vergelyk nadat hulle 90 minute lank in die natuur óf in 'n stedelike omgewing gaan stap het. Hulle het bevind dat diegene wat 'n wandeling in die natuur onderneem het, laer aktiwiteit in die prefrontale korteks getoon het. Hierdie is 'n breinstreek wat aktief is wanneer 'n mens broei oor iets wat omskryf word as herhalende kommergedagtes wat op negatiewe emosies fokus" ("*Sour mood getting you down? Get back to nature,*" *Harvard Men's Health Watch*, Julie 2018).

God het aan ons 'n wonderlike natuurwêreld gegee wat Sy teenwoordigheid aantoon, alhoewel ons hard gewerk het om baie daarvan met beton en asfalt te bedek! Indien ons 'n stap wil neem in die rigting van toenemende vreugde in ons lewens, behoort ons gereeld tyd te spandeer om die natuur te geniet.

Stap twee: Verminder tyd op sosiale media

Om die eerste stap te volg sal ons meer dikwels wegkry van ons skootrekenaars en slimfone, wat verband hou met 'n tweede stap om meer vreugde te vind: **Skakel sosiale media af.**

Hoeveel van ons is nie aan Facebook, Instagram, Twitter of Snapchat verslaaf nie? Indien u

dink dat u nie verslaaf is nie, probeer dan 'n week daarsonder klaarkom; u mag dalk verbaas wees! Ironies genoeg, alhoewel sosiale media aangeprys word as 'n manier om ons almal nader aan mekaar te bring, het studies getoon dat dit mense se eensaamheid en ongelukkigheid dikwels verhoog.

In 2018 het dr. Melissa Hunt van die Universiteit van Pennsilvanië, die resultate van haar navorsing oor die gevolge van sosiale media gepubliseer. Sy het spesifiek die effek van *verminderde* gebruik van Facebook, Instagram en Snapchat ondersoek. Sy het opgemerk dat: "Deur sosiale media minder te gebruik as wat u normaalweg sou, tot 'n aansienlike *afname* in depressie en eensaamheid lei. Hierdie gevolge is veral meer beduidend by mense wat meer depressief was toe hulle in die studie ingekom het" ("*Social media use increases depression and loneliness, study finds*" *Science Daily.com*, 8 November 2018).

Omdat dr. Hunt bewus was van die feit dat haar bevindings baie mense sou verras, het sy gesê: "Dit is ietwat ironies dat om u gebruik van sosiale media te verminder, u in werklikheid minder eensaam sal voel ... Sommige van die bestaande literatuur met betrekking tot sosiale media, dui daarop dat daar 'n geweldige mate van sosiale vergelyking plaasvind. Wanneer u na ander mense se lewens kyk, veral op Instagram, is dit maklik om die afleiding te maak dat hulle lewens interes-

santer of beter as u eie is". (*Ibid.*)

Nie dr. Hunt óf ons by die *Wêreld van Môre*, stel voor dat ons *alle* sosiale media moet laat vaar nie. Nietemin toon studies onteenseglik daarop dat om *minder* tyd op media te bestee, ons dikwels gelukkiger word. Gerald Weston, die Hoof-redakteur van hierdie tydskrif, bespreek hierdie onderwerp breedvoerig in die Maart-April 2019 *Wêreld van Môre*-artikel: "*Tem die sosiale media monster*", wat u ook op wvm.co.za kan vind.

Stap drie: Versorg u liggaam goed

Indien u 'n derde stap na toenemende vreugde wil neem, neem verantwoordelikheid vir u gesondheid. Ons leef in 'n tyd waarin die wetenskap en medisyne ongelooflike kennis oor die menslike liggaam aan ons beskikbaar stel en hoe ons kan bydra om op sy beste te presteer, maar tog leef ons skynbaar teenstrydig in 'n tyd waarin min mense na hulle gesondheid omsien!

Dink byvoorbeeld aan die seën van 'n goeie nagrus! Antieke koning Dawid het van slaap gepraat as 'n Godgegewe seën (Psalm 127:2). Tog sien ons mense rondom ons wat hulle slaap opoffer vir hulle werk, vir kortstondige plesier en selfs vir slimfone. Ongereelde slaappatrone benadeel ons gesondheid sowel as ons vreugde.

In Junie 2017 het *Science Daily* oor 'n studie berig wat daarop dui dat daar 'n direkte verband bestaan tussen *gereel-*

de slaappatrone en vreugde, selfs wanneer die *hoeveelheid* slaap nie vol-doende is nie. "Die resultate toon dat vaste slaappatrone duidelik verband hou met 'n hoër staat van vreugde in die oggend en aand, asook met goeie gesondheid en kalmte gedurende die week. Om te verander van 'n ongereelde weeklikse slaappatroon na 'n vaste patroon was ook geasso-sieer met verbeterde welstand gedurende die week van gereelde slaap, asook die dag daarna", ("*Sleep regularity is important for the happiness and well-being of college students,*" *ScienceDaily.com*, 5 Junie 2017).

Navorsers het bevind dat selfs wanneer die slaapyd nie verleng kan word deur elke dag dieselfde tyd bed toe te gaan en op ongeveer dieselfde tye elke dag op te staan nie, kan mense se gevoel van vreugde, gesondheid en rustigheid verbeter. Ons is fisiese wesens en wanneer ons aandag aan ons fisiese behoeftes gee, sal dit ons meer geleenthede gee om vreugde te vind!

Swak gesondheid is ons grootste bron van spanning en ongelukkigheid en dit is natuurlik so dat baie van ons aan siektetoestande ly wat buite ons beheer is. Indien ons nogtans probeer om alles te doen wat ons *kan*, sal ons die voordele daarvan in ons gemoedstoestand opmerk. Wanneer ons ons liggame goed versorg, kan ons baie meer vreugde vind as wat sommige mense sou verwag, selfs te midde van

andersins moeilike gesondheidsuitdagings.

Ons volgende stap mag u dalk verras, maar dit is baie belangrik – veral vir diegene wat swaarkry en in die versoeking kom om tou op te gooi as gevolg van gevoelens van wanhoop en neerslagtigheid.

Stap vier: Wees onophoudelik dankbaar

Ons kan soms in die versoeking kom om stil te staan by die probleme in ons lewens. Niemand se lewe is volmaak nie en dit is maklik om depressief te raak wanneer ons ons lewens met ander mense s'n vergelyk. Ons het vroeër opgemerk dat dit een van die gevare van oormatige gebruik van sosiale media is. So moeilik as wat dit vir sommige mense mag lyk, veral te midde van moeilike omstandighede, is daar tog 'n belangrike stap wat ons almal kan neem om meer tevredenheid met die lewe en ons vreugde te ervaar: **Beoefen aktiewe dankbaarheid te alle tye.**

Dit is maklik genoeg om dankbaar te wees wanneer ons gelukkig en suksesvol is. Waarvan ek egter praat, is die stap van aktiewe beoefening en groei van 'n ingesteldheid waarin ons te *alle* tye dankbaar is – selfs *tydens* ons beproewings asook om van dankbaarheid gebruik te maak as 'n instrument om ons vreugde te laat toeneem!

Die apostel Paulus was geïnspireer om die Christene aan te moedig wat in Thessalonika gewoon het:

“Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle” (1 Thessalonicense 5:16-18). Studies het getoon dat wanneer ons hierdie opdrag gehoorsaam en in **alle** omstandighede dankbaar is, dit 'n kragtige manier is om vreugde en welstand te bevorder!

In sy boek *Thanks! How Practicing Gratitude Can Help Make You Happier*, skryf die sielkundige, Robert Emmons, oor die voordeel daarvan om doelgerig en doelbewus dankbaarheid aan te kweek. Emmons merk op dat “alhoewel die emosie selfs vir my eenvoudig gelyk het toe ek met my navorsing begin het, het ek gou ontdek dat dankbaarheid 'n dieper, meer ingewikkelde verskynsel is wat 'n kritieke rol in menslike vreugde speel. Dankbaarheid is letterlik een van die min dinge wat mense se lewens opvallend kan verander” (bl. 2).

Dr. Emmons en sy kollega Michael McCullough aan die Universiteit van Miami “het wetenskaplike bewyse gevind dat wanneer mense gereeld besig is om stelselmatig dankbaarheid aan te kweek, hulle 'n verskeidenheid meetbare voordele ervaar: sielkundig, fisies en interpersoonlik ... [In] sommige gevalle het mense gerapporteer dat dankbaarheid tot transformerende lewensveranderings gelei het” (bl. 3). Emmons het gevind dat hierdie lewensveranderings nie net hulle verbeelding was nie, maar

dit is bevestig deur die getuïenisse van hierdie individue se wederheltes, vriende en gesinne.

In sy navorsing het Emmons dankbaarheid gedefinieer as erkenning van die goeie in ons lewens en ook om te erken dat die Bron van daardie goedheid buite onself is – dit wil sê dat dankbaarheid tot iemand anders gerig moet wees. Hy het bevind dat dit veral belangrik is dat ons dankbaarheid moet beoefen vir ons seëninge gedurende beproewings en moeilike tye, wanneer hierdie seëninge juis die moeilikste is om te vind. Soos dr. Emmons skryf: “Om in elke situasie te soek en dankbaar te wees vir wat positief is, is om los te breek van die wurggreep van wanhoop” (bl. 184).

Ja, toe die apostel Paulus gesê het ons behoort in *alles* dankbaar te wees, het hy geweet waarvan hy praat!

Stap vyf: Laat God weet

Nie een van ons kan voorgee dat ons nie deur moeilike tye gaan nie. Dit is so. Die lewe kan moeilik wees en die redes om bekommerd te wees of angstig te voel, volg dikwels die een na die ander in 'n aanhoudende versameling van bekommernisse. Ons kan dankbaar wees dat God se Woord ons 'n vyfde stap gee om 'n gelukkiger en rustiger gemoedstoestand in die hand te werk: **Bid oor u bekommernisse.**

In hoofstuk 4 van Filipense, wat een van die bemoedigendste boeke in die

Bybel is, lees ons: “Wees orniks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus” (verse 6-7).

Dit behels die danksegging van ons vorige stap, maar ook meer as dit. God sê dat ons ons danksegging en ons versoeke laat “bekend word by God.” Een van ons grootste bronne van vreugde en bemoediging is die wete dat ons Verlosser ons liefhet en vertrou kan word met al ons besorgdhede! Die apostel Petrus moedig ons aan, “Ver-neder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd. Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle” (1 Petrus 5:6-7).

Natuurlik moet ons God se reaksie op ons bekommernisse **vertrou**, deur te glo dat Hy die wysheid het om te sien wat ons nie sien nie en die krag het om op te tree hoe Hy ookal moet. Let daarop dat ons gebed tot God nie net 'n “uitlaatklep” is nie. Terwyl ons Hom bedank, Hom prys vir wie Hy is en ons sorg aan Hom opdra, is dit nodig dat ons onself verootmoedig namate Hy ons Sy vrede gee, terwyl ons volle vertrouwe het dat Hy ons op Sy manier en op Sy tyd sal verlos. Watter groter vreugde kan daar wees as om te weet dat ons 'n Verlosser het wat oppermagtig in ons lewens is, op wie se besluite en liefde ons kan staatmaak?

Stap ses: Glo die beloftes van die Skrif

In ons vorige stap het ons gesien dat dit nodig is om met "smeking" te bid. Ons behoort die Here te vra om in ons behoeftes te voorsien. Hoe weet ons dat Hy dit sal doen? Die Bybel is vol *wonderlike* beloftes vir diegene wat die Skepper-God en Sy Seun, ons Verlosser, soek en vir wie Sy toekomstige Koninkryk die prioriteit in hulle lewe is. Ons volgende stap is om **daardie beloftes te glo en dit op te eis!**

God se beloftes kan elke gebied van ons lewens verander. Hierdie beloftes het betrekking op gesondheid en veiligheid vir ons en ons geliefdes, ja, maar nog baie meer. Dit bied ware gemoedsrus en 'n toekoms vêr bo dit wat ons ons selfs kan voorstel! Inderdaad, die Bybel bevat soveel beloftes waarvan ons net 'n breukdeel in die beperkte spasie van hierdie artikel kon noem. U wil dalk Richard F. Ames se inspirerende artikel *Oorleef en floreer in tye van spanning*, in die September-Oktober 2020

uitgawe van die *Wêreld van Môre* lees. Dit is ook beskikbaar op wvm.co.za.

Ons weet hoe vertroostend dit is om vertrouwe in 'n ouer of eggenoot te hê wat wonderlike beloftes maak en dit nakom. Hoeveel te meer behoort ons dankbaar te voel dat die God van die heelal, wat geen menslike swakhede het wat ons kan teleurstel nie, beloftes gemaak het wat Hy verseker gestand sal doen. Namate ons die beloftes van God glo en sien hoe dit in ons lewens vervul word, sal ons uit 'n verstommende Bron van vreugde, vrede en tevredenheid put!

Die sewende stap wat ons kan neem om toenemende vreugde te ervaar, is waarskynlik die kragtigste van al die stappe en tog is dit ook die een wat ons nie sou verwag nie: omdat dit *glad nie* die soeke na vreugde behels nie!

Stap sewe: Streef na 'n doel groter as uself

In hulle strewe na vreugde ontdek baie mense nooit die

lewensbelangrike waarheid dat vreugde op sigself nie ons doelwit kan wees nie. Inderdaad, hoe vuriger ons ware en blywende geluk najaag, hoe meer sal dit ons geheel en al ontwyk! Goedkoop en tydelike vreugde kan maklik in die hande gekry word, maar hoe meer ons direk na *diepe* vreugde soek, hoe minder kan ons dit vind.

Waarom? Omdat blywende, betekenisvolle en diepgaande vreugde 'n *bykomende produk* is van wat ons doen, nie 'n doel op sigself nie! Die neweprodukte wat tevredenheid, vrede en vreugde is, word die beste gevind deur *af te sien van* die soeke daarna en om in plaas daarvan ons sewende stap te neem naamlik **om deel te wees van iets groter as onself**.

Die dramaturg, George Bernard Shaw, het uitstekend oor hierdie beginsel geskryf: "Dit is die ware lewensvreugde ... deur self te erken dat ons gebruik word vir 'n doel groter as onself ... om 'n natuurkrag te wees in plaas van 'n koersagtige, selfsugtige klein

Wat is 'n ware Christen?

Daar is meer as 400 sektes en godsdienstige organisasies wat hulle self "Christelik" noem! Tog het hulle almal basiese verskille.

Sal Jesus die organisasies herken wat Sy naam vandag gebruik? Hoe kan u vir seker weet wat 'n ware Christen is?

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

stommerik met kwale en griewe waaroor ons kla en dat die wêreld homself nie daaraan wil wy om hóm gelukkig te maak nie” (*Man and Superman*, bl. xxxi-xxxii).

Die wyse koning Salomo skryf dat God die ewigheid in ons harte geplaas het (Prediker 3:11). Iets diep binne ons wil weet dat ons aan iets groter as onself verbonde is. Daar is 'n vreugde in daardie verband wat op geen ander manier vir ons beskikbaar is nie.

Uiteraard is daar geen groter bydrae wat ons tot Jesus Christus se eie bydrae kan lewer as om die Evangelie van die Koninkryk van God aan die wêreld te verkondig nie. Daardie poging het aan die apostel Paulus 'n gevoel van tevredenheid en doelgerigtheid gegee wat hom deur vreeslike tye van lyding en onsekerheid gedra het.

Selfs toe hy in die ge-

vangenis was en gevaar geloop het om sy lewe te verloor, het Paulus so 'n onwrikbare vrede en 'n hartstogtelike vreugde gehad dat hy tydens sy verhoor voor koning Agrippa – in kettings en omring deur aanklaers – verkies het om homself nie te verdedig nie, maar om in plaas daarvan die Evangelie te verkondig. Die koning was geraak deur Paulus se woorde en het gesê dat Paulus hom amper oortuig het om 'n Christen te wees en Paulus het met vrymoedigheid geantwoord: “Ek sou wel God wil bid dat sowel byna as heeltemal nie alleen u nie, maar ook almal wat my vandag aanhoor, so mag word soos ek is, buiten hierdie boeie” (Handelinge 26:29).

Ja, selfs in die gevangenis en in kettings, het Paulus gewens hy kon met Agrippa en almal, die vreugde, vertrouwe en geluk deel wat hy gevind het

deur te weet wat sy doel is en om tot die Werk van God in die wêreld te kon bydra, deur die wonderlike Waarheid van God se komende Koninkryk te deel.

Ons vind betekenis en deur betekenis te vind, vind ons vreugde wanneer ons deel van iets is wat werklik groter as onself is – ons gesinne, ons geliefdes, ons gemeenskappe en uiteindelik ons God, Sy werk en Sy uiteindelijke doel vir ons lewens naamlik om vir altyd deel van Sy gesin in Sy Koninkryk te wees. Wanneer ons onself daaraan toewy om diensbaar te wees in die strewe na groter doelwitte, kom vreugde natuurlik en baie dieper as wanneer ons dit as 'n doel op sigself soek.

Sal u al sewe van hierdie stappe in u lewe in werking stel? Wanneer u dit doen, sal u op pad wees na vreugde, soos u dit nog nooit vantevore geken het nie – nou en vir ewig. **WVMI**

U uiteindelijke Lotsbestemming

Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolgd word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Pret en vervulling

Deur J, Davy Crockett III

Ons almal het nodig om te ontspan, maar ons almal het ook méér as ontspanning nodig.

'n Neef van my was baie suksesvol in verskeie sake-ondernemings. Hy het oor baie jare hard gewerk en rykdom en eiendom bymekaar gemaak. Hy het die luukshede gehad wat mens sou verwag in terme van huise, motors, bote, 'n vliegtuig en 'n plaas op die platteland. Hierdie neef het baie gereis in die nastrewing van sy belangstellings en passies. Langs die pad het sy gesin uitmekaar gespat en het hy baie hartseer en pyn ervaar. Sy "sukses" het hom nie die gemoedsrus en tevredenheid besorg soos wat hy verwag het nie.

Wanneer ek hierdie familielid sien, wat nou selde is, vra hy my altyd dieselfde vraag. Nadat ons gegroet het, sê hy: "Haai, wat doen jy vir die pret?" U sien, na 'n leeftyd van swoeg, vind hy nie veel plesier of vreugde in die dinge wat hy nagejaag het nie. Hy is nog steeds op soek na daardie ontwykende iets om die leemte in sy lewe te vul, maar hy is nie die enigste een nie.

Die rolprentbedryf groei elke jaar met meer rolprent-vrystellings, wat 'n groot wins vir die vervaardiger daarvan oplewer soos wat mense die teaters vol pak om hulleself vir 'n kort rukkie in 'n skynwêreld te verloor.

Om balans te vind

Dit is beslis nie verkeerd om dit te geniet om 'n speletjie te speel of na 'n goeie rolprent te kyk nie, net solank as wat ons dit met matigheid doen en ons aandag

nie afgelei word van die basiese dinge wat 'n gelukkige lewe bied nie. Koning Salomo van Israel, aan wie God 'n gawe van groot wysheid gegee het, het geskryf: "ALLES het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd ... 'n tyd om te ween en 'n tyd om te lag, 'n tyd om te weeklaag en 'n tyd om van vreugde rond te spring" (Prediker 3:1-4).

Ons as menslike wesens, behoort tyd te vind om te ontspan en iets te geniet wat ons genot en plesier verskaf, maar altyd met matigheid en nooit ten koste van ander mense nie. Indien een of ander item of aktiwiteit een van die Tien Gebooe verbreek of Goddelike beginsels bespot, is dit glad nie snaaks of lagwekkend nie. Wanneer dit 'n gesonde aktiwiteit is, soos liggaamlike oefening of as dit u intellektueel uitdaag en u kennis van iets wat die moeite werd is laat toeneem, dan is dit opbouend en voordelig. Daar is 'n knaende leegheid in alle mense wat nie met fisiese dinge of tydverdruwe gevul kan word nie, hoewel baie mense probeer om daardie gevoel met werk, "dinge" of ontspanningsaktiwiteite te bevredig.


Geen plaasvervanger nie

Vir jonk en oud is ontspan belangrik om die gebalanseerde lewe te ontwikkel wat ons Skepper vir ons wil hê. Ongeag of dit nou bordspeletjies of videospelletjies, verhoogproduk-

sies of 'n roman, simfoniekonserte of rolprente, atletiekwedstryde of wandelings in die park is, sulke aktiwiteite dra daartoe by dat ons 'n gesonde balans in ons lewens kan handhaaf. Maak egter geen fout nie – hierdie aktiwiteite bevredig slegs tydelik en is nie 'n plaasvervanger vir 'n hegte verhouding met God nie. So 'n verhouding kan net met tyd ontwikkel, namate ons éers Sy Koninkryk soek, soos Jesus die Christus in Matthéüs 6:33 sê: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."

Soos ons artikel *Sewe stappe na 'n vreugdevolle lewe*, elders in hierdie tydskrif verduidelik, is daar baie dinge wat ons kan doen wat sal bydra tot ons gevoel van vreugde en tevredenheid. Dieselfde artikel wys egter daarop dat een van die beste maniere om vreugde te vind, is om op te hou om spesifiek net daarna te streef maar om 'n groter doel vir ons lewens aan te gryp.

Ek hoop dat my neef eendag sal vind wat in sy lewe ontbreek en dat sy werk en sy vermaak hom uiteindelik sal bring na wat hy waarlik wil hê: "... die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan" (Filippense 4:7).

Wat doen u vir vermaak? Dit is 'n groot vraag. Indien u wil groei in 'n gebalanseerde lewe as 'n Christen en in u liefde vir God, kan u ons gratis boekie *Die Tien Gebooe*, aanvra. 

God leef!

Deur Richard F. Ames

In 'n tydelike wêreld vol skeptici, is God enigsins nog ter sake? Is Hy 'n uitgediende idee of 'n lewende Skepper met wie u 'n ware verhouding kan hê? Die goeie nuus is dat God nie net 'n werklikheid is nie, Hy leef en Hy wag dat u met Hom kontak maak!

Baie van ons wat ouer is, mag dalk met heimwee terugdink daaraan dat ons in Engels- en Afrikaanssprekende lande grootgeword het wat hulle bestaan as “Christelike nasies” as vanselfsprekend aanvaar het. Ons het geweet dat ons ons morele waardes en regstelsels baie aan die Bybel te danke het en die geloofstaal was oral om ons, in die openbaar en in privaatheid. Gedurende die afgelope dekades het dit egter verander.

Die Gallup-organisasie het onlangs berig dat, afhange van hoe die meningspeilers hulle vrae stel, slegs 64% van die Amerikaners vol vertroue is dat God bestaan (“*How Many Americans Believe in God?*,” *Gallup.com*, 8 November 2019). Terselfdertyd sien ons 'n toename in die aantal mense wat hoegenaamd geen godsdienstige verbintenis het nie. 'n Gerespekteerde meningsopname-organisasie het nie lank gelede bevind dat “die godsdienstig-ongebonde deel van die bevolking in die Verenigde State, wat uit mense bestaan wat hulle godsdienstige identiteit as ateïsties, agnosties of niks in die besonder' beskryf, 'n styging van 17% in 2009” na 26% in 2019 toon (“*In U.S., Decline of Christianity*

Continues at Rapid Pace,” *PewForum.org*, 17 Oktober 2019).

Wat beteken dit vir die samelewing? Alhoewel die hoofstroom Protestantse denominasies voorheen die toon aangegee het vir die V.S., het die opkoms van die nie-godsdienstiges dit verander. In werklikheid,

Is die persentasie Amerikaners wat nie 'n spesifieke godsdienstige verbintenis het nie, nou ongeveer dieselfde as diegene wat hulle as Evangelies of as Katolieke identifiseer ... Amerikaners wat verklaar dat hulle “geen godsdienst” aanhang nie en wat soms “nones” [geen-gelowiges] genoem word omdat hulle die vraag, “wat is jou godsdienstige tradisie”, so beantwoord, verteenwoordig nou ongeveer 23,1% van die bevolking, 'n toename van 21,6% in 2016. Daarteenoor verteenwoordig mense wat beweer dat hulle Evangeliesgesind is, nou net 22,5% van die Amerikaanse bevolking ... Dit maak dat die twee groepe 'statisties gelyk is met die Katolieke (23%) (“*Nones' now as big as*

evangelicals, Catholics in the US,” *Religion News Service*, 21 Maart 2019).

Verstommend! “Geen geloof” is nou een van die grootste geloofsgroepe in Amerika!

Dood of lewendig?

Sedert die tydskrif *Time* hulle beroemde voorblad van April 1966 gepubliseer het met die vraag: “Is God dood?”, was hulle nouliks die eerste wat die vraag gestel of 'n antwoord voorgestel het. Die Duitse filosoof Friedrich Nietzsche, het meer as 80 jaar tevore met oortuiging aangevoer: “God is dood, maar gegewe die weg van mense, kan daar nog vir duisende jare lank grotte wees waarin sy skaduwee vertoon sal word. En ons – ons moet nog steeds ook sy skaduwee oorwin” (*The Gay Science, New York: Random House*, 1974, bl. 167).

Nietzsche is nou dood, maar sy filosofie leef voort in die denke van miljoene mense wat nie net nie in God glo nie, maar wat ook die idee haat dat God bestaan! In die twintigste eeu het miljoene mense geleef en gesterf onder die totalitêre staatsbeheer wat amptelik ateïsme verkondig het en hard daaraan gewerk het om burgers daarvan te weerhou om in 'n Allerhoogste Wese te glo.

Selfs in ons Westerse wêreld het ateïsme in die twintigste eeu toenemend mode geword, omdat mense begin glo het dat die wetenskap en nie God nie, hulle ware verlossing sou bied.

In die afgelope dekades het die wetenskap egter self ver-stommende nuwe vordering gemaak wat betref die begrip van ons wêreld en baie van die nuwe begrippe ondersteun of selfs vereis dat die bestaan van 'n Intelligente Ontwerper en 'n menslike gees iets meer is as 'n produk van biologiese en chemiese prosesse.

Skepping sonder God?

Vir 'n honderd jaar nadat die bioloog Charles Darwin in 1859 sy *On the Origin of Species* gepubliseer het, is die wetenskaplike gemeenskap toenemend beïnvloed deur sy teorie van natuurlike seleksie. Darwin het self erken dat sy teorie nie 'n verklaring het vir sommige natuurverskynsels wat te kompleks gelyk het om te ontstaan deur die opeenvolgende mutasies en keuses wat 'n vereiste was vir sy teorie nie. Hy was egter vol vertroue dat hierdie kompleksiteite uiteindelik verklaar sou kon word. Sedertdien het wetenskaplikes wat Darwin se teorie probeer bevestig het, evolusionêre verduidelikings vir baie komplekse strukture voorgestel. Hulle verduidelikings, soos soveel van die evolusieteorie, bly egter vassteek op die gebied van teorie, met ander woorde nie bevestigbaar of vals en dus meer verwant is aan filosofie as

werklike wetenskap.

Hoeveel mense besef vandag dat daar selfs in Darwin se tyd ander maniere was om die gegewens wat hy bekendgemaak het, te interpreteer? Hoeveel wetenskaplikes onthou vandag selfs die naam van Alfred Russel Wallace, 'n tydgenoot van Darwin, wat op 'n stadium wyd en syd erken was as 'n “mede-ontdekker” van evolusie? Waar Darwin veral bekend is vir sy reis na die Galapagos-eilande, het Wallace agt jaar in 'n land deurgebring wat nou as Indonesië bekend staan, waar hy die fauna en flora fyn dopgehou het. In 1855 het hy sy eie teorie oor natuurlike seleksie geformuleer en 'n kort artikel aan Darwin gestuur. “Darwin het jare tevore tot dieselfde gevolgtrekking gekom en Wallace se brief het hom aangespoor om tot aksie oor te gaan. Die twee manne het in 1858 gesamentlik 'n artikel gepubliseer waarin hulle die teorie van evolusie en natuurlike seleksie beredeneer het” (*He Helped Discover Evolution, and Then Became Extinct,* NPR.org, 30 April 2013).

Wallace het egter, toe hy na dieselfde biologiese vrae kyk as wat Darwin oorweeg het, tot 'n ander gevolgtrekking gekom. Hy het verklaar dat in die bestudering van die natuurwêreld “om enige rasonale verklaring van die verskynsels daarvan te kan gee, behoort ons die voortdurende handeling en leiding van hoër intelligensies te veronderstel; en ook, dat hierdie aksies waarskynlik saamgewerk

het in die rigting na 'n enkele doel, naamlik die ontwikkeling van intellektuele, morele en geestelike wesens” (*The World of Life*, 1916, bl. 340-341).

Om sy perspektief te illustreer, het Wallace gevra dat ons 'n super-intelligente wese visualiseer wat na die konstruksie van 'n herehuis, brug of treinspoor kyk, maar slegs die beweging van materiale sien en nie die bouers nie. Hy stel homself voor dat so 'n waarnemer sal sê: “Ons ken die fisiese en chemiese kragte wat werkzaam is in hierdie vreemde wêreld en as ons dit lank genoeg bestudeer, sal ons vind dat bekende kragte dit alles sal verklaar” (Wallace, bl. 320).

Indien ons mense sien wat besig is om dinge te maak, maar die intelligente werk van die mense ontken en slegs die dinge bestudeer, sou ander mense ons as dwaas beskou. Tog is dit in wese die perspektief wat Darwin en 'n groot deel van die moderne wetenskap vir meer as honderd jaar gehad het, totdat navorsers begin het om vordering te maak om die lewe op molekulêre vlak te verstaan. Die biochemikus Michael Behe, het opgemerk dat

die wetenskap in Darwin se tyd geen begrip gehad het van die molekulêre basis van lewe nie. Slegs nou, in die afgelope twintig jaar, het die wetenskap voldoende gevorder om lewe in molekulêre besonderhede te bestudeer wat nodig is om die idees van Darwin

noukeurig te toets, veral ... die aannames dat algehele toeval onderliggend aan lewe is en dat herhaalde rondtes 'n oneindige kringloop van toevallige mutasie en natuurlike seleksie, samehangend met biologiese stelsels kan bou (*Darwin Devolves*, 2019, bl. 256).

Wat wys die molekulêre detail vir ons? Die ontslape sterrekundige Fred Hoyle, is bekend vir een illustrasie van die onwaarskynlikheid van natuurlike seleksie sonder intelligente ontwerp. Hy het opgemerk dat 'n gis-sel en 'n jumbo-straler ongeveer dieselfde aantal onderdele het. Niemand sou nogtans ernstig voorstel dat 'n jumbo-straler spontaan uit sy onderdele kon ontwikkel nie. Hoyle het geskryf dat die waarskynlikheid dat 2,000 proteïene, elk met 200 aminosure, kon ontstaan, ongeveer dieselfde is as die waarskynlikheid dat 'n tornado wat deur 'n skrootwerf trek, 'n Boeing 747 kan aanmeekaarsit (*The Intelligent Universe*, 1983, bl. 17).

Enigiets om God te vermy?

Is dit toevallig nou dat die wetenskap self begin aanvaar het, met soveel bewyse van intelligente ontwerp wat beskikbaar is, dat die menslike vindingrykheid nog steeds worstel om maniere te vind om God buite rekening te laat? Sommige wetenskaplikes stel 'n "veelal" voor waarin ons heelal

saam met tallose ander heelalle bestaan, waarvan die meeste van hulle nie lewe ondersteun soos ons heelal nie. In hierdie teorie is die kans dat 'n lewensondersteunende heelal een van baie triljoene is, maar ons heelal net toevallig daardie een is!

'n Ander vindingryke benadering het aandag gekry toe die filosoof Nick Bostrom, in 2003 die volgende artikel gepubliseer het, "*Are You Living in a Computer Simulation?*" (*Philosophical Quarterly*, vol. 53, nr. 211, bl. 243-255). Die meeste mense het dit as 'n vergesogte idee of miskien 'n interessante intellektuele oefening beskou, maar beslis nie as 'n ernstige alternatiewe wêreldbeskouing nie. Kortliks gestel, Bostrom het voorgestel dat, tensy meeste menslike beskawings op die menslike vlak uitsterf voordat hulle gevorderd genoeg is om rekenaarsimulasies van persone te skep of as hulle gevorderd is, maar nie belangstel om sulke simulasies uit te voer nie, die oorgrote meerderheid van diegene wat persoonlike menswees ervaar, dit sal doen as deel van 'n rekenaarsimulasie.

Sien u wat Bostrom gedoen het? Volgens sy logika moet die oorgrote meerderheid van mense die resultaat van intelligente ontwerp wees – tog konfronteer Bostrom nie die idee van 'n goddelike Skepper nie! Ewe min skakel hy die noodsaak van so 'n Skepper uit; hy stoot dit bloot op die agtergrond. Hoe het sy nabootsers ontstaan? Uit-

eindelik, wanneer Bostrom nie meer nabootsers het wat self naboots nie, bly die vraag: Hoe het sy veronderstelde nabootsers as intelligente wesens ontstaan wat die nabootsings kon uitvoer? Bostrom se argument *beklemtoon* slegs die noodsaaklikheid van 'n Skepper wat vêr verhewe bo Sy skepping bestaan!

Lewe spruit voort as gevolg van lewe!

Nabootsings ter syde gestel, die beginsel van biogenese, wat deur alle eksperimente en ervaring bevestig is gedurende die geskiedenis van die mensdom, verklaar dat lewe slegs uit lewe kan ontstaan. Wetenskaplikes het inderdaad probeer om lewe uit nie-lewe te skep en het heeltemal misluk! Omdat selfs die eenvoudigste sel verbasend kompleks is, is dit logies om te glo dat lewe uit nie-lewe kan ontstaan?

Kan wet voortspruit uit wetteloosheid en toevalligheid? Wetenskaplikes weet dat daar ingewikkelde wiskundige wette is wat die beweging en uitsetting van die heelal bepaal. Wat is verantwoordelik vir die wette en hulle betekenis in ons heelal? Die wetenskaplike, Patrick Glynn, skryf dat alles van die begin af "presies reg" moes wees – álles, van die waardes van fundamentele kragte soos elektromagnetisme en swaartekrag, tot die relatiewe massas van die verskillende subatomiese deeltjies, tot dinge soos die aantal neutrino-soorte teen tyd 1 sekonde, wat die

heelal reeds moes 'weet' teen 10^{-43} sekonde. Die geringste gepeuter met een enkele van die hope basiese waardes en verhoudings in die natuur sou 'n heelal tot gevolg hê wat totaal anders is as die een wat ons bewoon – stel u voor, een met geen sterre soos ons son of net geen sterre nie” (Patrick Glynn, *God: The Evidence*, 1999, bl. 7-8).

Ja, die wette van fisika het van die begin van die heelal af bestaan. Wetenskaplikes erken dat dit so moes gewees het. Daardie wette is fyn ingestel om dit moontlik te maak dat ons heelal bestaan soos dit vandag is – met ons daarin! Wiskundig is dit totaal onwaarskynlik dat so 'n heelal toevallig kon ontstaan, met die regte eienskappe om menslike bestaan moontlik te maak.

Baie wetenskaplikes wat vasgevang is in die filosofie van materialisme en vasbeslote is om met verduidelikings vorendag te kom wat goddelike skepping uitsluit, het wonderlike teorieë uitgedink om die kompleksiteit rondom ons te verklaar. Tog vereis baie van hierdie teorieë groot oorbruggings van “logika” of aannames dat 'n wiskundig onwaarskynlike gebeurtenis “net sommer” kon plaasvind. In teenstelling daarmee wys wetenskaplikes wat die teorie van intelligente ontwerp voorstaan op die “onherleibare kompleksiteit” van baie lewende strukture en prosesse as bewys dat hulle nie net sommer kon plaasvind deur ewekansige mutasie en natuur-

like seleksie nie.

Evolusioniste het teenargumente aangevoer oor aansprake wat gemaak is met betrekking tot die onherleibare kompleksiteit in die natuur, maar selfs die kreatiefste bioloog kan nie die werklikheid van wiskunde vermy nie. Baie wetenskaplikes se argumente teen intelligente ontwerp, berus op buitengewoon onwaarskynlike reekse van gebeure en stel in sommige gevalle mutasies voor wat triljoene jare sou neem in 'n heelal wat na raming slegs 14 miljard jaar oud is!

Evolusioniste beskuldig aanhangers van die skepping soms daarvan dat hulle 'n “God van gapings”-uitleg aanbied – wat enige verskynsels aan 'n almagtige God toeskryf wat nog nie deur die wetenskap verstaan word nie. Selfs die *National Geographic Society*, wat 'n gesaghebbende, hoofstroomorganisasie is, kon dit nie vermy om 'n verrassende erkenning te maak in 'n omvattende bespreking van die evolusieteorie nie, naamlik dat “die fossielrekord soos 'n evolusierolprent is waaruit 999 van elke 1000 rame in die redigeringsproses verlore geraak het” (“*Was Darwin Wrong?*,” *National Geographic*, November 2004, bl. 25) Ja, evolusie – en nie intelligente ontwerp nie, is die teorie wat staatmaak op gapings!!

Die geheimenis van bewustheid

Materialistiese evolusioniste wat gekonfronteer word met die

verskynsel van menslike bewustheid, vind dat baie van hulle aannames in twyfel getrek word. Die skrywer en filosoof John Searle, het met betrekking tot die nimmereindigende raaisel rondom menslike selfkennis opgemerk: “Ons weet nie hoe om dit te verduidelik nie. Vergelyk bewussyn met fisika. Ons vorder heel goed in fisika, hoewel ons 'n paar gebiede het wat ons dronkslaan, soos kwantumeganika. Ons het egter nie 'n voldoende teorie oor hoe die brein bewuste toestande veroorsaak nie en ons het ook nie 'n voldoende teorie oor hoe bewustheid in die heelal inpas nie” (Robert L. Kuhn, *Closer to Truth: Challenging Current Belief*, 2000, bl. 5).

Filosowe het die vraag gevra: 'Hoe kan ons bewys dat daar enigiets bestaan buiten my eie verstand?' Die filosofie wat “*solipsisme*” genoem word, stel voor dat die enigste realiteit in 'n mens se gedagtes is omdat niks anders regtig bestaan nie. Hoe kan ons seker wees dat daar intelligensie buite ons eie verstand is? Wetenskaplikes soos Wallace en Behe het voorgestel dat dit een manier is om vir tekens te kyk dat 'n ander verstand opgetree het. Hoe kan ons egter na fisiese dinge rondom ons kyk en tot die gevolgtrekking kom dat 'n ander verstand opgetree het? Dit is nie die dinge rondom ons wat ons van ander mense se intelligensie oortuig nie, maar die doelgerigte orde van dinge. Geluide wat doelgerig gerangskik is, kan spraak wees wat

idees oordra. Klip en metaal en hout, wat doelgerig gerangskik is, kan 'n gebou wees. Indien u bewyse vind van doelgerigte rangskikking wat u nie ten volle verstaan nie, kan u verstand nie die enigste een in die heelal wees nie, want u het 'n intelligensie ontdek wat verheer bo u eie is!

Die idee dat die wêreld rondom ons bewys lewer van intelligente ontwerp, het nie by wetenskaplikes soos Wallace en Behe ontstaan nie. Byna 2,000 jaar gelede het die apostel Paulus aan Christene in Rome gesê: “Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie” (Romeine 1:20). Ja, deur die doelgerigte re-organisering van die wêreld rondom ons, kan ons tot 'n intelligente gevolgtrekking kom en uiteindelik die Goddelike intelligensie van ons Skepper begryp!

Onbekende afmetings?

Materialistiese wetenskaplikes mag dalk dink dat hulle gedagtes denkbeeldig is, bloot nuwe-produkte van die “vlees” waarvan hulle liggame vervaardig is. Hulle ontken geheel en al die bestaan van 'n dimensie van verstand of van gees. Dit is 'n probleem en die Bybel gee baie aandag daaraan. Die apostel Paulus bespreek die verhouding van die gees tot mense en vra: “Want wie van die mense weet

wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is?” (1 Korinthiërs 2:11). Paulus bespreek nie 'n onsterflike siel nie, maar die menslike gees. Die menslike gees stel die mens in staat om “die dinge van 'n mens” te ken. Diere kan nie “die dinge van 'n mens” ken nie. Alhoewel die diere se instink 'n wonderlike meganisme is wat diere baie verstommende dinge kan laat doen, kan hulle nie op 'n menslike vlak dink nie. Die verskil in kwaliteit tussen die menslike verstand en 'n diere se brein is enorm. Die instink van diere is dikwels merkwaardig, maar slegs die mens kan homself veelvuldige fisiese dimensies buite die sigbare voorstel. Indien wetenskaplikes oor tien (of meer) onsigbare fisiese dimensies kan teoretiseer, hoe moeilik kan dit dan vir 'n objektiewe waarnemer wees om die geestelike dimensie in ag te neem?

Fisici gebruik massiewe instrumente soos die Groot Hadron Deeltjieverstommer om fisiese dimensies wat vir ons onsigbaar is, te verstaan. Wat het ons nodig om die geestelike dimensie te verstaan? Ons het die Gees van God nodig! Slegs dan kan ons “die verborge dinge van God” (1 Korinthiërs 2:11 NV) waarlik en in diepte begryp (1 Korinthiërs 2:11). Hoe ontvang ons die Gees van God? Op Pinksterdag aan die begin van die Nuwe-Testamentiese Kerk, het die apostel Petrus vir duisende mense gepreek en aan sy gehoor gesê: “Bekeer

julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” - (Handelinge 2:38).

Evolusie kan nie die bestaan van gees verklaar nie en ontken dit soms – selfs al is die grootste werklikheid nie die fisiese bestaan nie, maar die bestaan van gees. Ons lees, “want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig” (2 Korinthiërs 4:18). Die apostel Johannes verkondig ook hierdie waarheid: “God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid” (Johannes 4:24). Wetenskaplikes maak baie wonderlike ontdekkings, maar hulle instrumente kan ook net sover gaan. Indien God nie hulle verstand oopgemaak het om die dinge van die Gees te verstaan nie, kan hulle nie die volle realiteit van wat Hy hier op aarde doen, geestelik onderskei nie. “Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word” (1 Korinthiërs 2:14).

God se geestelike skepping

Baie mense wat oor die fisiese skepping van die heelal wonder, kyk die verstommende aspek van God se skepping mis. God het nie net die fisiese heelal geskep nie, maar Hy is ook besig met die geestelike meesterstuk van Sy skepping in die mens: Sy

Londen Roep

Die verklaring van Arbroath en Brexit

Deur Simon R.D. Roberts

Reeds sedert die *Acts of Union* in 1707, die koninkryke van Skotland en Engeland as Groot-Brittanje verenig het, het Skotland 'n ietwat gespanne verhouding met haar magtiger buurman in die suide gehad. Nadat die Skotse Nasionale Party (SNP) in 2007 in die Skotse parlement aan bewind gekom het, het al hoe meer stemme opgegaan om oproepe vir onafhanklikheid van die res van die Verenigde Koninkryk. Die onlangse algemene verkiesing in Desember 2019, toe die SNP 48 van die 59 Skotse setels in die V.K.-parlement gewen het, het dit diegene aangemoedig wat daarop aangedring het om weg te breek. Tydens 'n referendum in 2014 het die Skotte onafhanklikheid met 'n naelskraap van 55% teen 45% verwerp, maar een meningspeiling in Augustus 2019 het daarop gedui dat 'n skrale meerderheid in 2020 ten gunste van onafhanklikheid is ("*Scots favor independence from United Kingdom, Ashcroft poll shows,*" *Reuters*, 5 Augustus 2019).

Dit is verbasend dat 'n 700 jaar oue brief, wat deur die Skotse adel geskryf is en aan die pous gerig was, wat die *Verklaring van Arbroath* genoem word, ons betekenisvolle insig en begrip van hierdie diep-gesetelde Skotse denke kan bied. Dit neem ons terug na die antieke oorsprong van die Skotse bevolking en tans onherkenbare familiebande met

die nasies rondom hulle.

Nadat die Skotse monarg, Alexander III, van die Huis van Dunkeld in 1286 oorlede is, het die Skotse baronne vir Edward I van Engeland genooi om tussen opponerende mededingers vir die troon, as bemiddelaar op te tree. In plaas daarvan het Edward die Skotte met geweld gedwing om trou aan hom te sweer. Robert I, wat bekend was as *Robert the Bruce*, het daarna teen die Engelse geveg, onder bevel van Edward II en 'n beslissende stryd vir Skotland in Bannockburn in 1314 gewen.

Diplomatiese briewe

Deur herhaaldelik briewe te skryf, het die pous probeer om vyandelikhede tussen die twee Katolieke lande te beëindig. Hy het egter geweier om *Robert the Bruce* as die wettige koning van Skotland te erken. Gevolglik is 'n brief met die handtekeninge en persoonlike seëls van 39 Skotse edelmannes op 6 April 1320 aan pous Johannes XXII in Avignon, Frankryk geskryf, wat as die *Verklaring van Arbroath* bekend staan en wat die Skotse standpunt oor die konflik met Engeland uiteengesit het.

Om briewe aan die pous te skryf was niks nuuts vir Skotse baronne nie. In 1237 het koning Alexander II en die baronne van daardie tyd, vir pous Gregorius IX 'n vredesverdrag aangestuur wat met Engeland gesluit is in die teenwoordigheid van 'n pouslike gesant en vir die pous verduidelik dat hulle van plan

was om daarby te hou. Deur dus aan die pous te skryf en hom in kennis te stel van hulle persepsie van onreg in 1320, sou destyds as 'n potensieel vrugbare diplomatiese benadering beskou gewees het. Die verklaring het nie 'n skielike opwelling van nasionalistiese gevoel beskryf nie, maar eerder 'n begeerte na respek en selfbestuur binne die bestaande verhouding met Engeland. Dit was 'n diplomatiese brief en 'n stuk wat intelligente propaganda genoem kan word. 'n Afskrif van die oorspronklike brief van 1320 kan gevind word in die Nasionale Argiewe van Skotland wat in Edinburgh geleë is.

Die Verklaring van Arbroath het die Skotte se geskiedkundige nasionale geloofsbriewe uiteengesit en dit was in wese 'n versoek dat die pous die Engelse regering moes dwing om hulle met rus te laat. Daar is egter geen bewyse dat die brief destyds 'n wesenlike impak gehad het nie. Dit het uit die geskiedenis verdwyn en was selfs in Skotland feitlik vergete, totdat 'n Engelse vertaling van die oorspronklike Latyns in 1689 verskyn het.

Slegs vir vryheid

Die bekendste aanhaling uit die brief, wat soms deur Skotse nasionaliste gebruik word, lui: "*Solank as wat 'n honderd van ons aan die lewe bly, sal ons nooit onder enige voorwaardes aan die heerskappy van die Engelse onderwerp word nie. Dit*

is in der waarheid nie vir roem nie, ook nie vir rykdom of vir eer wat ons veg nie, maar slegs vir vryheid, wat geen geloofwaardige man prysgee nie, behalwe met die lewe self".

Die SNP het probeer om Brexit te vermy en wil 'n ander referendum vir onafhanklikheid in Skotland hê (waarna verwys word as "IndyRef2"), met die doel om Skotland te skei van die ander V.K.-lande, Engeland, Wallis en Noord-Ierland. Indien die Verklaring van Arbroath 'n verklaring van Skotse onafhanklikheid was, sou u kon sien waarom die SNP dit dalk mag gebruik. Die party het egter daarvan weggeskram om na die verklaring te verwys of selfs aandag te vestig op die frase oor vryheid, aangesien sulke verwysings in hulle vorige veldtogte probleme veroorsaak het.

Ondanks die bemoeidigende uitslae vir die SNP-saak in Skotland, soos dit in die 2019 algemene verkiesing weerspieël is, is daar nie 'n grondwetlike dooiepunt in die vooruitsig nie. Die Eerste minister Boris Johnson het reeds verklaar dat hy nie 'n *IndyRef2* sal steun nie, aangesien die eerste een in 2014 veronderstel was om die kwessie vir minstens 'n generasie te besleg.

Wie is die Skotte?

Watter bykomende agtergrond met betrekking tot hierdie moderne gebeure kan die Verklaring van Arbroath aan ons openbaar? Die inleiding daarvan maak 'n duidelike verklaring met betrekking tot die Skotte se kennis van hulle Israelitiese oorsprong, hulle antieke migrasies, hulle oorwinnings in oorloë en hulle lang geskiedenis van selfbestuur as 'n nasie.

... ons weet en uit die geskiedenis en in boeke van die antieke volke vind ons dat onder die ander beroemde nasies ons eie, die Skotte, met wydverspreide roemrykheid bekroon is. Hulle het vanaf Groter Skithië gereis deur die Tirrheense See [Middel-landse See] en die Pilare van Hercules [Straat van Gibraltar]. Hulle het vir 'n lang tydperk in Spanje onder die wreedste volke gewoon ... Daarvandaan het hulle twaalfhonderd jaar nadat die volk van Israel deur die Rooi See getrek het, na hulle tuiste in die weste gegaan waar hulle vandag nog woon. Hulle het eers die Britte verdryf en die Pikte heeltemal vernietig. Hoewel hulle dikwels deur die Noorweërs, die Dene en die Engelse aangeval is, het hulle besit geneem van daardie tuiste met baie oorwinnings en ongekende probeerslae. Soos die antieke geskiedenis getuig, het hulle sedertdien hulle vryheid behou. In hulle koninkryk het honderden-dertien konings van hulle eie koninklike lyn regeer, die lyn wat nie deur enige buitelandse onderbreek is nie.

Dus, waarom is sommige Skotte so gretig om die Verenigingsverdrag van 1707 tussen Engeland, Wallis en

Skotland te verbreek? Ons boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* is gratis beskikbaar in gedrukte vorm of aanlyn en beskryf Bybels-geprofeteerde situasies soos hierdie moontlike verbrekking van lankgevestigde, vermoënde alliansies.

In Levitikus 26 is God se waarskuwing aan die Israeliete teen ongehoorsaamheid aan Hom opgeteken – 'n toestand wat ons vandag in ons samelewing sien. Hy verklaar spesifiek in vers 19 dat Hy ons "trotse mag [sal] verbreek" in antwoord op ons nasionale verwerping van Hom. Verder beskryf Jeremia 30:7 die tyd van 'n nasionale ramp wat voorlê as "n tyd van benoudheid vir Jakob". Ons weet dat Jakob se naam na Israel verander is (Génesis 32:28), wat in ons boekie aangetoon is en verwys na die nasies van Noordwes-Europa vandag, met inbegrip van die Skotte, Engelse, Walliesers en Noord-Ierland.

Wat hou die toekoms dus vir die V.K. in? Dit wil voorkom asof dit in die algemene verkiesing in Skotland nie noodwendig oor Skotse onafhanklikheid gegaan het nie, maar eerder dat die Skotte *teen* Brexit gekant was. Met Brexit wat nou egter geskiedenis is, is dit nog onseker hoe die dinamika sal verander. Na bykans 50 jaar beoog die V.K. om weer sy eie nasionale bestemming te beheer, wat ook tot voordeel van Skotland kan wees. Sal daardie hernude beheer egter tot 'n nasionale bekering en strewe lei om waarlik aan God gehoorsaam te wees? Mag dit so wees ter wille van ons nasie se lotsbestemming. **WVW**

Vrae & Antwoorde

Hasies, eiers en ... Jesus Christus se opstanding?

VRAAG: Watter verband is daar enigins tussen kleurrike eiers en hasies en Christus se dood en opstanding?

ANTWOORD: Enigiemand wat met biologie vertrouwd is, sal dadelik weet dat konyne nie eiers lê nie. Wat het daardie simbole in gemeen? Konyne is bekend vir hulle vermoë om vinnig aan te teel en eiers word as 'n simbool van vrugbaarheid beskou.

Wat het vrugbaarheid met Paasfees te doen? Baie mense wat die vakansiedag vier, besef nie dat Paasfees glad nie 'n Bybelse vakansiedag is nie. Dit is oorgeneem uit voor-Christelike vierings van vrugbaarheid tydens die lente, wat toegewy was aan heidense godinne met name soos *Ishtar*, *Astarte* en *Ostara*, van wie die naam “Paasfees [Easter]” afgelei is. Diegene wat die beeldspraak gebruik van “*Son rise*” en “*sunrise*”, mag dalk nie daarvan bewus wees dat hulle “sonsopkoms”-dienste op Paasoggend, wanneer hulle tydens hulle aanbiddingsdiens in die rigting van die opkomende son draai, direk in die Skrif veroordeel word nie. In Eségiël 8:14-16 vind ons dat die Israelitiese vroue in 'n sonsopkoms-erediens “Tammus beweën” [huil], 'n praktyk wat God sê Hy verafsku.

Word die slegte goed gemaak?

“Wel, ons 'doop' net 'n heidense gewoonte en maak dit Christelik”, mag sommige mense sê. Wat sê God egter oor daardie benadering? Die profeet Jeremia het die baie duidelike en reguit opdrag van God opgeteken: “Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie” (Jeremia 10:2). Hy maak dit net so duidelik in Deuteronómium 12:29-32, waar Hy sê dat Hy nie aanbid wil word op die manier wat die heidene hulle eie gode aanbid nie.

Wil God dus hê dat Christene Hom op Paassondag aanbid? U mag verbaas wees om te hoor dat daar nêrens in die Bybel enige iets opgeteken is oor aanbiddingsdienste op Paassondag nie en dat ons nie vandag enige opdrag het om op hierdie manier te aanbid nie! Soos gereelde lesers van hierdie tydskrif weet, het Christus gesterf en is Hy kort voor sonder op 'n Woensdag in die graf gelê, nêr voor die aanvang van die jaarlikse Heilige Dag wat bekend is as die Eerste Dag van Ongesuurde Brode (sien Levitikus 23:6). Ons weet uit die Skrif dat Jesus drie dae en drie nagte – 72 uur – in die graf was, wat beteken dat Hy Saterdag voor sonder opgestaan het! Teen die tyd dat die vrou Sondagoggend by die graf gekom het, het Hy alreeds opgestaan

(Matthéüs 28:1-8)!

Nadat die skrifgeleerdes en die Fariseërs daarop aangedring het dat hulle 'n teken van Christus se Messiasskap wou sien, het Hy gesê dat Hy aan hulle “die teken van die profeet Jona” sal gee (Matthéüs 12:39; Johannes 2:19). Hy het inderdaad gesê dat dit die enigste teken is wat Hy sal gee. Jona was drie dae en drie nagte in die groot vis se maag en Christus sou ook vir so lank in die graf wees. Let daarop dat dit ook die latere gebruik van “Goeie Vrydag” as 'n onbybelse fiksie ontbloom, aangesien 'n Vrydag-begraving sou beteken dat Christus tot Maandagaand in die graf moes wees. Die Skrif toon egter duidelik dat die graf alreeds leeg was toe die vrou Sondagoggend daar opgedaag het. (U kan hierdie onderwerp in meer diepte bestudeer deur gebruik te maak van ons gratis boekie *Paasfees: Die storie wat nie vertel is nie*. Dit is eersdaags beskikbaar wees by ons lokale streekkantoor. Die lys van kantore verskyn op bladsy 2.

Hoe Christene onthou

Indien Paassondag dus 'n valse gebruik is en Christene nie die gebruike van heidense kulture rondom hulle behoort na te boots nie, hoe behoort Christene dan Christus se offer te herdenk? Weereens openbaar die Skrif die antwoord: Die apostel Paulus het vir Christene in Korinthe gesê: “... want ook ons paaslam [pasga-lam] is vir ons geslag, naamlik Christus” (1 Korinthiërs 5:7). Tydens Sy laaste pasga-maltyd saam met Sy dissipels het Christus die nuwe simbole van brood en wyn ingestel wat Sy liggaam en Sy bloed simboliseer (Matthéüs 26:26-28). Later het die apostel Paulus die Christene in Korinthe daaraan herinner dat hierdie jaarlikse onderhouding van die Pasgafees die wyse is waarop ons Christus se offer behoort te herdenk (1 Korinthiërs 11:23-26).

Christus se liggaam is gebreek vir ons genesing (Jesaja 53:5) en Sy bloed is vergiet tot vergewing van ons sondes (Matthéüs 26:28). Christene behoort nie 'n nie-Christelike vakansie te vier deur die gebruik van hasies en eiers en ander simbole van vrugbaarheid wat uit heidense rites oorgeneem is nie. Hulle behoort die Pasga, soos dit deur Christus en die Apostels beveel is, as die ware herdenking van Sy offer te onderhou. **WVW**

Die werke van Sy hande

Die breinlose genialiteit van die seespons

Deur Gary Molnar

Die meeste van ons dink aan sponse as alledaagse huis-houdelike items. Hulle sagtheid en absorpsievermoë maak dit veelsydige werktuie om ons liggame, vloere en skottelgoed mee te was en ons mure te verf. Alhoewel die hedendaagse sponse wat ons gebruik, waarskynlik uit sintetiese materiale vervaardig is, het ons gedurende die grootste deel van ons geskiedenis ons sponse – die gedroogde liggame van ongewerwede waterdiere – uit die oseane geoes.

Sponse kan wêreldwyd in mariene omgewings gevind word, van mere en riviere tot uitgestrekte oseane en van warm tropiese klimate tot ysige poolstreke. Dit kom voor in verskeie vorms en groottes, met verbasende helder kleure en 'n ingewikkelde strukturele argitektuur. Hulle is die onderwater-ekwivalent van blomme en hulle skoonheid is waarlik asem-rowend. Alhoewel hulle dalk soos plante mag lyk, is sponse lede van die diere-spesie filum Porifera (“gaatjie-draende”). Omdat sponse tot die eenvoudigste van meersellige diere behoort, word hulle deur die wetenskap wat op evolusie gebaseer is na die laagste tak van die diere-“stamboom” geskuif. Tog is hierdie eenvoudige diertjies *nie so eenvoudig nie*. Sponse is 'n merkwaardige voorbeeld van God se briljante skeppings-

vermoë.

Merkwaardige struktuur

Anders as by die meeste diere, het sponse geen eksterne of interne organe of spiere nie. Hulle het nie bloedsomloop-, senuwee- en spysverteringstelsels nie. Sponse gebruik sellulêre spesialisering om lewensfunksies te verrig.

Sommige sponse is sag en veselagtig. Ander het 'n fermer, dog uiters soepel skeletraam wat weerstand kan bied teen kragtige seestrome. Selle wat *sklerosiete* genoem word, skei kalsiet- of silika-stringe van verskillende lengtes af om hierdie oënskynlik delikate argitektoniese wonders te vorm. Navorsers bestudeer nog die konstruksie-tegnieke van sponse om maniere te vind om menslike ingenieurs te help om “hoër, sterker en buigsamer geboue op te rig” (“*Secrets of Our Ocean Planet: Sponges as Civil Engineers and Pharmacists,*” *blog.National Geographic.org*, 24 April 2018).

Die liggaam van 'n spons is 'n hol, oop kamer, met 'n jellie-agtige stof wat *mesofil* genoem word, tussen die binne- en buitenste lae van die selle. Die buitenste laag vorm 'n dun vel van plaatagtige selle, wat *pinacosietes* genoem word. Selle wat bekend staan as *choanosietes*, vorm die binneste laag. Choanosietes het 'n tregteragtige kraag wat bedek is

met klewerige haartjies rondom 'n sentrale flagel.

Die buitenste laag van 'n spons bevat baie klein porieë wat met die binneste laag verbind is om 'n komplekse netwerk van kanaaltjies deur die *mesofil* te vorm. Choanosiete bedek die wande van hierdie kanaaltjies. Die flagel van die choanosietes beweeg saam heen en weer en lei die vloei van water deur die netwerk van kanale. Die klewerige haartjies van die choanosiete vang deeltjies organiese materiaal op wat in die water is en beweeglike *amebosiet*-selle sluk hierdie vasgevangde stukkie en vervoer dit na ander selle binne in die spons.

Ongelooflike skoonmaak-vermoë

Die filtreer-voeding van sponse het 'n positiewe invloed op die watergehalte van mariene-ekosisteme. Terwyl hulle vreet, maak sponse die water skoon deur skadelike bakterieë, plaagdoders en in sommige gevalle selfs swaarmetale soos tin en lood te verwyder.

Hulle doen dit uiters doeltreffend en effektief. Dit is bekend dat seesponse meer as 90 persent van die bakterieë en organiese stowwe uit die water verwyder wat hulle verwerk (“*Denizens of the Deep: How Sponges Create Important Habitats,*” *Marine Conservation*

Institute, 22 Januarie 2019). Soos wat die *Horizon: The EU Research and Innovation Magazine* berig: “n Seespons kan elke dag tussen twee en 20 kubieke meter water per kilogram van sy liggaamsgewig filtreer en navorsers bestudeer die moontlikheid om dit op industriële skaal te gebruik in 'n proses bekend as *bioremediëring* – waar organismes gebruik word om besoedelende stowwe te verwyder” (“*The cleaning power of sea sponges*,” 6 Januarie 2016).

Die spons stoor binne-in homself enigiets wat hy uit die water verwyder en wat nie as voedsel gebruik kan word nie. Die jellie-agtige mesohiel van 'n spons huisves 'n magdom lewende bakterieë, virusse en gifstowwe, wat die diertjie van groot belang maak vir mediese navorsers vir die farmakologiese potensiaal wat dit het.

Wonderbaarlike vernuwing

Laboratoriums regoor die wêreld het 'n baie interessante eksperiment met sponse onderneem: Wanneer hulle die individuele selle van 'n lewendige spons skei, vind hulle dat die selle *weer versamel* om een of meer kleiner sponse te vorm. 'n Spons waarvan die selle losgegaan het, kan die hele liggaam byeenbring en rekonstrueer. Sponsselle het nie 'n montervolgorde nodig nie, sodat 'n spons vinnig kan herstel indien dit met geweld geskei word. Wanneer twee verskillende spesies spons saam deur 'n sif gedruk word, sal die los selle *hulleself uitsorteer* en slegs met

ander selle van dieselfde spesie verbind.

In 'n voedselryke omgewing, sal individuele sponsselle oorleef deur eenvoudig na 'n amoeba-agtige toestand terug te keer. Dit is egter nie wat hulle doen nie. Hulle *restoureer*. Terwyl hulle die oorspronklike diertjie herbou, vertoon die eenvoudige diertjies se selle kennis, doelgerigheid en die vermoë om ander selle as deel van die oorspronklike groter spons te identifiseer. Verbasend genoeg doen sponse dit oënskynlik sonder 'n wyse van kommunikasie en ten spyte daarvan dat hulle nie 'n brein of sentrale senuweestelsel het nie. Wetenskaplikes verstaan nie heeltemal die meganisme waardeur sponse dit alles doen nie. Op een of ander manier is die nodige bloudrukke en aanwysings, met inbegrip van kennis van al die gespesialiseerde selle en sellulêre funksies wat nodig is vir lewe, in elke sel van hierdie “geringgeskatte” wesentjie reeds teenwoordig om met ander selle saam te werk en 'n *ander* volledige spons te vorm.

Verstommend genoeg, steek daar nog meer in die spons se ongelooflike vermoë om te herleef. Sponsselle — sklerosiete, pinacosiete, choanosiete, amebosiete en ander sponsselle — is almal *totipotent*. Dit wil sê, elke sponssel is soortgelyk aan 'n stamsel, wat 'n ander soort sel kan word. Daarom kan sponse die funksie van elke sel in hulle liggaam *verander* indien nodig (“*Secrets of Our Ocean Planet: The Not-*

So-Simple Sea Sponge,” *blog.NationalGeographic.org*, 23 April 2018). Wanneer sterk strome dit beskadig of 'n honger vis dit byt of 'n deel daarvan geoes word vir 'n badspons, kan die spons homself genees omdat enige sel naby die beskadigde area die sellulêre spesialisasie van die beseerde of ontbrekende selle kan aanneem.

Volmaak geskep

Alhoewel hulle wetenskaplik geklassifiseer word as eenvoudige meersellige diere, besef ons dat sponse *nie so eenvoudig is nie!* Hulle vorm en struktuur, hulle vermoë om hulle ekosisteem te suiwer en hulle wonderbaarlike vermoë om te herstel, getuig van 'n kompleksiteit wat die mens se verstand te bowe gaan. Hierdie fantastiese wesentjies is ideaal ontwerp vir hulle omgewing en hulle rol. Die vindingryke volmaaktheid wat in die seespons vertoon word, kan nie die resultaat van blote toeval wees nie. Dit is 'n bewys van 'n Skepper wat alles beplan, ontwerp en gebou het om lewe op hierdie planeet in stand te hou.

Geen wonder dat koning Dawid geïnspireer was om te skryf: “Hoe talryk is u werke, o HERE! U het hulle almal met wysheid gemaak; die aarde is vol van u skepele! Daar is die see, groot en alkante toe wyd – daar is 'n gewemel sonder getal, klein diere saam met grotes” (Psalm 104:24-25). **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 20 – God leef!

eie heilige en regverdige karakter, wat die karakter word van nederige, onderdanige, opregte Christene. God het nie net fyn ingestelde fisiese wette geskep om die heelal te vorm nie, maar Hy het geestelike Wette gegee om die karakter van Christene te vorm. Jesus het die twee groot gebooie in Matthéüs 22:36-39 gegee, wat die Tien Gebooie beklemtoon wat in Exodus 20 en Deuteronomium 5 gegee word. Hierdie geestelike Wette is net so werklik as die fisiese wette wat die heelal regeer.

Filosowe het al beweer dat God dood is. Baie van daardie filosowe is self dood en God leef. Psalm 14:1 gee ons 'n duidelike perspektief op die werklikheid: “Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie.”

Kan u bewys dat God bestaan? Ja u kan! Nie net kan u weet dat God bestaan nie, maar u kan ook “weet dat u weet” dat Hy leef! Hoe kan u hierdie sekerheid hê? Ja, dit is goed om die logiese en filosofiese punte wat ons kortliks in hierdie artikel in oënskouwelyk geneem het te verstaan, want wanneer dit korrek gebruik word, is rede en

logika nie die vyande van geloof nie. Tog het ons gesien dat baie van die moderne “wetenskap” hierdie naam kwalik verdien, aangesien dit ons nie ander vergelykbare eksperimente bied, wat teorieë soos evolusie en intelligente ontwerp kan bewys of weerlê nie. U kan egter self een belangrike eksperiment uitvoer en die resultate persoonlik ondersoek. Daardie eksperiment word in u Bybel gevind: “EN hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar” (1 Johannes 2:3). U kan die bestaan van God bewys deur die lewenswyse te leef wat Hy deur die Bybel en deur die Seun van God, Jesus Christus, geopenbaar het. Wanneer u dit doen, sal u self kan weet dat God leef en dat Hy oppermagtig regeer, nie net oor die grootheid van die heelal nie, maar ook oor die kleinste besorgdheid in ons lewens (Matthéüs 10:29-31).

U kan dit egter nie halfhartig doen om vas te stel wat die waarheid van die saak is nie: “Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek” (Deuteronomium 4:29). Soek die lewende God

met u hele hart en met u hele siel en u sal Hom vind!

Is daar dus 'n lewende, sorgsame God wat betrokke was by die skepping van die heelal en die lewe daarbinne en Wie vandag in menslike lewens en wêreldgebeure ingryp? Kan u die kritici weerlê wie sê: “God is dood”? Kan u bewys dat God leef? **Ja, u kan!**

Daardie lewende God wil hê dat ons dink soos Hy dink. Hy wil hê dat ons soos Hy word in ons aard en karakter. Daarom het Hy Sy Seun, Jesus Christus, gestuur om aan ons 'n voorbeeld van 'n Goddelike lewe en karakter te gee en om ons te red van ons sondige natuur. God wil hê dat ons gelykvormig word aan die liefdevolle beeld en aard van Christus (Romeine 8:29).

Darwin se grootste fout was dat hy ontken het dat daar enigsins 'n lewensdoel bestaan. Die waarheid is egter dat ek en u met 'n grootse doel geskape is. Ons Skepper leef nie net nie – Hy wil hê dat ons 'n ewige verhouding met Hom sal hê, as deel van Sy eie gesin! Sal u op Sy uitnodiging reageer? **WvM**

Die ware God: bewyse en beloftes

Waarom is die God van die heelal nie vandag vir mense werklik nie?

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

voor die hand liggend, maar die meeste mense weier om dit te aanvaar. Op 'n manier is ons almal ten minste bietjie narsisties – met ander woorde, selfgesentreerd. Ons vind dit moeilik om te erken dat die keuses wat ons maak, die probleem kan wees. Dit is soveel makliker om ons persoonlike “slagoffertroefkaart” te speel as om te erken dat ons keuses die oorsaak kan wees vir die gevolge wat ons ervaar. Van jongs af dink ons dat ons weet wat ons gelukkig sal maak, terwyl dit regtig nie die geval is nie. Meer geld, meer dinge, meer plesier – dit alles stel ons teleur.

Die profeet Jesaja was geïnspireer om te skryf: “ALMAL wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!” Die konteks wys dat hy nie van letterlike kos en drank praat nie. Hy praat met diegene wat honger en dors na vervulling in die lewe, maar wat 'n gevoel van leegheid ervaar. Hy vra dan: “Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig” (Jesaja 55:1-2).

Ja, waarom wend ons pogings en energie aan om dinge na te streef wat nooit blywende geluk bring nie? Kyk rondom u. Wat sien u? U sien baie ongelukkige mense wat op allerlei verkeerde maniere en op al die verkeerde plekke na geluk soek. U sien mense op 'n mallemeule van hoogtepunte en laagtepunte, wat wissel tussen opwinding en opgewondenheid en verveling en depressie. U sien dat mense na meer streef as dit wat hulle reeds het en dink dat indien hulle net 'n bietjie meer het, hulle tevrede en vervuld sal wees. Indien roem, voorspoed en plesier egter werklik geluk bring, waarom het ons so 'n hoë selfmoordsyfer onder die rykes en beroemdes wat oënskynlik alles het?

'n Ander manier van leef

Ons is geskape om 'n verhouding met ons Skepper te hê en om die weg uit te leef van uitreikende

besorgdheid vir ons medemens. Ons wil van nature alles vir onself hê, maar God sê vir ons dat die weg na 'n vervulde lewe is om die teenoorgestelde te doen: Ons moet die manier van gee, die manier waarop ons vir ander omgee, leer en beoefen. Dit is die weg na ware geluk. Die apostel Paulus gee 'n opdrag aan ons dat ons “die woorde van die Here Jesus moet onthou, ... dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang” (Handelinge 20:35).

Dit is nie duidelik wanneer Jesus dit tydens Sy bediening gesê het nie. Moontlik was dit een van Sy gewilde leerstellings wat algemeen bekend was, maar nie elders in die Skrif aangeteken is nie of moontlik is dit 'n opsomming van hierdie stelling: “Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word” (Lukas 6:38). Dit is 'n moeilike begrip vir ons fisiese denke want dit klink so onlogies. Dit is beslis nie soos wat 'n kind dink wanneer hy in 'n lekkergoedwinkel staan met 'n rak vol lekkergoed voor hom nie. Is ons enigsins anders wanneer ons daardie blink nuwe motor of pragtige nuwe rok sien?

Soos ons egter almal uit ondervinding behoort te weet, word daardie nuwe artikel vinnig oud en wat ons gedink het ons gelukkig sou maak, doen dit net vir 'n kort tydjie voordat ons weer doelloos gelaat word.

God raai ons aan om na Hom toe te kom en die leë siel te vul met dit wat duursaam is, wat sonder geld en sonder prys beskikbaar is. “Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe, ... Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE” (Jesaja 55:3, 6-8).

Ons is nie bloot slagoffers in hierdie lewe, wat voortdurend nie in staat is om ons toekoms te

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

verander nie. Ons artikel "Sewe stappe na 'n gelukkige lewe" elders in hierdie uitgawe, bevat 'n lys van verskillende stappe – groot en klein – wat elkeen van ons kan neem om ons gevoel van tevredenheid met ons lewens te verbeter. Elkeen van hierdie stappe is slegs 'n klein deeltjie van 'n veel groter benadering met betrekking tot die uitleef van ons lewens.

Indien u nog nie ons boekie, *Wat is 'n ware Christen*, gelees het nie, moedig ek u aan om dit te doen. Dit verduidelik 'n ander manier van leef, die

regte oorsaak vir die gevolg wat u verlang en dit is gratis vir u beskikbaar. Lees dit aanlyn op wvm.co.za of bestel dit van ons streekkantoor, waarvan daar 'n lys op bladsy 2 van hierdie tydskrif verskyn. Die Bybel leer ons 'n lewenswyse wat vreugde bring. Min mense ken daardie weg, maar **u** kan!



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**